UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
30 APR 1983
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIX Nr. 5 — VRYDAG, 22 APRIL 1983

## Beperkings kom van ver

DIE nuwe Wysigingswetsontwerp is nie die eerste kontroversiële wet oor universiteitstoelating nie.

In 1957 is die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding vir die eerste keer gelees. Volgens dié wetgewing kon "nie-blanke" studente slegs met die skriftelike toestemming van die betrokke Minister tot "blanke" Universiteite toegelaat wrod. Op 7 Junie 1957 het meer as 3 000 studente, graduandi en akademici van die Universiteit van Kaapstad deur die stad se strate gemarsjeer in protes teen die wetgewing. Dit is nogtans in 1959 goedgekeur.

In 1981 het die De Lange-Kommissie aanbeveel dat die 1959-wetgewing geskrap word, en dat universiteite toegelaat word om as outonome inrigtings te besluit oor die toelating van studente.

Alhoewel die nuwe wetsontwerp daarvoor voorsiening maak dat die permitstelsel geskrap word, gee dit nie aan universiteite hul status as outonome inrigtings terug nie.

*VERKLARING OOR KWOTASWET:*

# Toelating volgens ras verwerp

**Van ons Interuniversitêre Redaksie**

'n GESAMENTLIKE verklaring oor die Wysigingswetsontwerp op Universiteite, waarin die wetsontwerp verwerp word, is 'n week gelede deur die Universiteite van Kaapstad, Natal, Rhodes en die Witwatersrand uitgereik.

**In die universiteite se verklaring herbevestig hulle hul opposisie teen ras-gebaseerde vereistes vir toelating. Hulle noem die Wetsontwerp "nog 'n voorbeeld van politieke inmenging by 'n akademiese aangeleentheid."**

Die Wetsontwerp bepaal dat "nie-blanke" studente net aan "blanke" universiteite toegelaat sal word volgens 'n kwota wat jaarliks deur die Minister van Nasionale Opvoeding bepaal word. Die Minister sal voorwaardes kan bepaal waarvolgens 'n kwota per studierigting per bevolkingsgroep per universiteit vasgestel word.

### Ondergrawing

Volgens die verklaring druis die Wetsontwerp in teen die beleid van die Komitee van Universiteitshoofde, waarvolgens Universiteitsrade hul eie toelatingsvereistes moet vasstel. "Ons verafsku die ondergrawing van akademiese bedrywighede om kortsigtige politieke doelwitte te bereik."

Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Mike de Vries, beskou die nuwe kwota stelsel as 'n "voorwaartse en positiewe stap" wat strook met die SP- en SR-mosie van 1982. Hy voel dat die toelatingsprosedure deur die nuwe wetgewing "gedepolitiseer" sal word. Volgens die SP-mosie moet die Universiteit self oor toelating kan besluit. Tagtig persent van die studente moet egter blanke Afrikaanssprekendes wees.

By 'n bespreking van die kwotastelsel verlede week, toe die Studenterade van die Universiteite van Stellenbosch en die Oranje-Vrystaat ontmoet het, is dit as 'n konsensuspunt aangeneem dat daar nie meer plek in Suid-Afrika is vir eksklusiewe blanke, Afrikaanse universiteite nie, maar wel vir oorwegend eie universiteite.

Die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Deon Rossouw, meen ook dat universiteite outonomie oor besluitneming oor toelating moet hê.

### Ontken reg

Die president van Ikeys se SR, mnr. Anton Richman, het die nuwe sisteem verwerp. Hy het gesê die Wetsontwerp plaas bloot die taak om apartheid in die onderwys af te dwing op die universiteit se skouers.

Aan die Universiteit van die Witwatersrand is 'n massavergadering gehou om teen die Wetsontwerp te protesteer. Ook Rhodes se SR het die kwotastelsel verwerp. In 'n verklaring aan *Die Matie* sê die voorsitter, mnr. Shaun Ranckin, dat die nuwe stelsel steeds die reg van swart studente ontken om vry mee te ding vir toelating tot die universiteite van hul keuse.

Die ondervoorsitter van RAU se studenteraad, mnr. Koos Strydom sê hy sou die kwotasisteem self verwelkom maar dat sy SR nog nie daaroor standpunt ingeneem het nie. Die Universiteit van Pretoria se SR-voorsitter, mnr. Ian Scott, wou geen kommentaar lewer nie.

• Die SP het Dinsdagaand 'n mosie aanvaar waarin die afskaffing van die permitstelsel verwelkom word en die owerheid versoek word om groter selfstandigheid aan universiteite oor hul kulturele samestelling te verleen. Die mosie is deur mnr. Herman Marais ingedien.

### LAAT NUUS

*'n PETISIE waarin studente en dosente aan die Universiteit die Wetsontwerp verwerp, was sedert Maandag op die kampus in omloop. Hulle vra dat akademiese meriete die enigste kriterium vir toelating moet wees.*

*Gisteroggend het van die betrokkenes gesê dat hulle hoop om 'n verteenwoordigende getal handtekeninge te kry.*



DIVAN SERFONTEIN, skrumskakel van die Maties, breek weg met die bal tydens een van sy parmantige lopies in die Intervarsity teen Tukkies verlede Saterdag. Die Maties het die Tukkies met 21—7 geklop. Lees die volledige berig op bl. 20.

## Kerk gee kontant vir kinders

**DIE Nederduits-Hervormde Kerk, die kleinste en mees konserwatiewe van die Afrikaanse susterkerke, het 'n kompetisie geloods om blanke ouers aan te moedig om meer kinders te hê.**

**Volgens 'n berig in *Die Hervormer*, die kerk se amptelike mondstuk, loof die kerk 'n kontantprys uit aan die grootste gesinne in die onderskeie gemeentes.**

**Dr. D.J. van Wyk, redakteur van *Die Hervormer* het gesê dat dit 'n poging is om die "bedreiging van die swart geboortesyfer" teen te staan.**

**Die leraar van die plaaslike N.H. Kerk wou nie kommentaar lewer nie. Hy was nie bewus van "die aksie" nie en sal dit eers moet naspeur voordat hy kommentaar sal lewer.**

**Die sekretaresse van die Hervormde Studentevereniging, me. Ria Venter wou nie kommentaar lewer oor die saak nie. Sy het gesê dat dit nie die moeite werd is om kommentaar te lewer as die komitee nie die betrokke uitgawe van *Die Hervormer* onder oë gehad het nie.**

**Dr. Danie du Toit, dosent aan die Kweekskool, het gesê dat die motiewe van die Nederduits-Hervormde kerk nie aanvaarbaar is nie.**

**Dit is moeilikheid soek om bepaalde beleide en modelle vir 'n sekere groep te stel en dit kan net rasseverhoudinge vertroebel. "Hoe kan so 'n kompetisie geregverdig word as daar 'n aktiewe gesinsbeplanningsaksie onder die bruin en swart volke is?" het hy gevra.**



ONAANVAARBAAR: Plakkies...

# *Rektor: kleredrag is onakademies*

'n "KLOMPIE studente" het in die laaste tyd klasse bygewoon in "kleredrag wat eerder aan sorgelose ontspanning as ernstige studie herinner", het die Rektor, prof. Mike de Vries, in 'n onlangse omsendbrief aan dosente geskryf. Hy doen in die brief 'n beroep op die dosente om saam te werk en sorg te dra dat kleredragreëls toegepas word.

Hy het veral beswaar gemaak teen die dra van voetbalbroeke, drafbroekies, T-hemde, plakkies en oop sandale sonder kouse.

In sy rubriek in *Rapport* het dr. Abraham Lückhoff, oud-Matie en senior redaksielid van die koerant, na aanleiding hiervan geskryf dat hy wonder of dit nog so lekker is om 'n Matie te wees.

"Die Rektorale ensikliek stoot die steeds stygende studiekoste die hoogte in, want akademiese klere kos duur. 'n Beter brief van die Rektor sou wees dat hy die studiekoste *vries*. Wat van terug na die togas?" vra dr. Lückhoff. Hy dink nie kleredrag het enige effek op akademiese atmosfeer nie. "'n Kraag aan jou hemp maak nie van jou 'n beter student nie."

Die meeste studente wat om kommentaar genader is, was nie baie entoesiasties oor die Rektor se uitsprake nie.

Gys het gesê dat die dra van kortbroeke hom "koud laat". Dawid, 'n ingenieurstudent, het heftig van hom verskil: "Die geweldige harde akademiese werk vereis reeds soveel van gemiddelde Maties se energie dat hulle dit nie kan bekostig om daarvan te verloor in die vorm van hitte nie, hetsy deur konveksie of radiasie". Nico het ander oorwegings gehad: "'n Mens moet aantrek wat jy het". Toe ons André vra hoe hy voel oor die Rektor se brief het hy gesê dat hy dit "hartseer" vind.




...en T-hemde.

REVLON
CHARLIE E.D.T.
WAS R17,00
NOW R3,99

SOPHIA
E.D.T.
WAS R25,00
NOW R9,99

TRUST-KEM
TRUST BANKSENTRUM, STELLENBOSCH.
FOON: 72939

ESTEÉ LAUDER
BEAUTY BOX
VALUE R95,00
NOW R32,50


Ontdek egte rookgenot
PAUL REVERE
Geurvol·Smaakryk
Die keur van tabak
REVERE
1775
AMERICAN CIGARETTE COMPANY
Paul REVERE
In Suid-Afrika vervaardig.
PR111/2A



DIE nuwe Stellenbosse skietklub mik hoog om paraatheid op die kampus op te knap.

# *Nuwe skietklub wil paraatheid opknap*

'n NUWE skietklub is onlangs deur USME gestig. Die doel daarvan is om paraatheid op die Stellenbosse kampus te verbeter en skietoefeninge aan studente te bied en om as ontspanning te dien.

Die klub het onlangs sy eerste skietoefening gehou. Hoewel die bywoning daarvan nie na wense was nie, verwag majoor W. Burger, tweede in bevel van USME, dat die klub se ledetal sal groei.

### Diensskiet

Die skietklub sal vir skyfskiet, pistoolskiet en diensskiet gebruik word. Diensskiet is waar daar met R1 gewere van verskillende afstande en posisies af geskiet word.

### Oefeninge

Die klub sal op 'n gereelde basis oefen. Oefeninge vind elke Woensdag plaas.

Enige student kan by die klub aansluit. Belangstellendes moet met majoor Burger in verbinding tree by tel. 77815.

## Kongres

SAAK bied 'n kongres aan oor *Vakbonde en Verandering in Suid-Afrika.* Die kongres sal op 26 en 27 April gehou word en almal is welkom.

# Tradisies kenmerk Wilgenhof-reünie

WILGENHOF het die naweek van 8 tot 10 April 'n reünie gehou om hul tagtigste bestaansjaar te herdenk. Volgens mnr. Chris Potgieter, voorsitter van die reünie-komitee, was dit 'n groot sukses. Dit is deur HAUM geborg en gekenmerk deur verskeie tradisionele Willowsaksies.

Mnr. Potgieter het gesê dat sowat 320 oud-Wilgenhoffers aan die verrigtinge deelgeneem het. Die reünie het op Vrydag 8 April begin met 'n gholfdag waarby sowat sestig "ou-manne" betrokke was. Die middag is die reüniegangers op tradisionele wyse by Wilgenhof verwelkom. Hulle is elkeen by die ingang voorgekeer en na 'n eed om hulle vir die naweek soos ware Wilgenhoffers te gedra, is hulle op 'n stoel en met 'n lourierkrans om die nek die markiestent binnegedra. Die meeste verrigtinge het daar plaasgevind.

Vrydagaand om 18h00 is 'n spesiale huisvergadering gehou. Mnr. Dik Dawid de Villiers het as voorsitter opgetree. 'n Loodskomitee is aangestel vir 'n "ou manneklub" wat as beskermliggaam vir Wilgenhof sal optree. Volgens mnr. Potgieter is die verloop van die res van die vergadering hoogs vertroulik. Die aand is afgesluit met 'n "Os-in-die-Bos"-braaivleis in die vierkant, en "quadsongs" is tot laat die nag gesing.

### Sport

Saterdagoggend na huisgodsdiens het die manne 'n sjampanje-ontbyt genuttig. Die tradisionele "Willowsfietsrally" het direk daarna plaasgevind.

Die res van die dag is aan sport gewy. Spanne van die Ou Manne het teen huidige huislede meegeding in o.m. rugby, sokker, tennis en muurbal. Eie aan Wilgenhof is daar ook "reckless" in die vierkant gespeel en talle oud-kampioene kon in aksie gesien word. Dit behels dat die manne moes kyk hoe lank hulle 'n gladgeskeerde tennisbal met hulle koppe in die lug kon hou. Volgens berigte was daar geen ernstige beserings nie.

### Dinee

Saterdagaand is daar 'n dinee in die markiestent gehou. Dr. Danie Craven, aan wie die reünie opgedra is, was die hoofspreker. Verskeie bekende oud-Wilgenhoffers, o.a. mnr. Morné du Plessis, prof. Whitey van der Westhuizen, mnr. Con Hofmeyr, wat sewe jaar in Wilgenhof was, en oom Punch Raaths van die Strand, wat die oudste oud-lid was, was teenwoordig. Hy was in 1917 'n eerstejaar, en is reeds agt-en-tagtig jaar oud. Sang het nog altyd 'n belangrike rol in Wilgenhof gespeel en na afloop van die dinee is daar lustig gesing.

Sondag se verrigtinge het begin met huiskerk wat deur dr. Kenny O'Kennedy gelei is. Vier van sy seuns is oud-inwoners en 'n vyfde is tans 'n eerstejaar in die koshuis. Om 12h00 is 'n afskeidsdinee gehou en oom Punch Raaths het die verrigtinge met 'n heildronk op Wilgenhof afgesluit.


### Televisie


TV-opnames is tydens die reünie gemaak en sal gebruik word in 'n SATV-program oor Wilgenhof as die oudste manskoshuis in die land. Die program sal in Junie gebeeldsend word.





WILGENHOF het die naweek van 8—10 April hul 80ste verjaarsdag met 'n reünie gevier.

WANNEER JY GRAAD GEVANG HET, SAL JOU KENWOOD-STELSEL NOG ALTYD ONDER WAARBORG WEES.*











*Die maklike manier om 'n spoggerige stereo stel te besit.*

*Groot klank. Groot waarde. Dis wat jy kry wanneer jy jou eie Kenwood-stelsel saamstel. Die groot voordeel: elke eenheid is deel van 'n groot familie wat spesiaal ontwerp is om perfek te harmonieer wat betref klanklewering en styl. Al die kontroles en verbindings is volmaak gekoördineer, sodat jy die verskillende eenhede na willekeur kan kombineer . . . vir 'n professionele resultaat.*

*Afsonderlike eenhede wat die stelsel uitmaak:*
*KA 33-versterker R159 — LSK 20D-luidsprekers R169*
*KT 33-insteller R159 — KD 22R-draaitafel R159*
*KX 50-kassetdek (Merk 2) R199 — SRC 13-stander R149*
*(AVB ekskl.)*

*Ons prys vir die volledige Kenwood-stelsel is R969,00. 'n Besparing van R25 teenoor die prys as elke eenheid apart gekoop sou word. Plus . . . jy kan ook gerieflik afbetaal. Net R100 deposito en 24 maandelikse paaiemente van R44,05 elk.*

KENWOOD
*Elke eenheid vir vyf jaar gewaarborg.

*Te kry by:*
*Stellenbosch-Meubelmaatskappy (Edms.) Bpk.*
*Andringastraat*
*Tel. (02231) 3621 of 4337*

*FIETSDIEFSTAL:*

# 'Lui studente gee polisie baie werk'

FIETSDIEFSTALLE is een van die algemeenste kriminele oortredinge op Stellenbosch. Fietse verdwyn teen 'n geweldige tempo. Dikwels kla mense dat dit lyk of die polisie nks daaraan kan of wil doen nie. Dit is dikwels nie buitestanders wat verantwoordelik is vir die diefstal nie, maar lui of agtelosige studente wat die polisie soveel werk gee, het 'n woordvoerder van die polisie gesê.

Volgens Lt. P.J. Theart, waarnemende takbevelvoerder van die speurdiens, is daar gedurende Februarie en Maart altesaam 111 gevalle van fietsdiefstal aangemeld. Hy sê studente is dikwels te lui om terug te stap na 'n koshuis en "leen" dan enige beskikbare fiets. Op dié manier is daar baie fietse op die kampus wat as gesteel aangegee word.

Daar word vermoed dat studente dikwels 'n klag indien sonder dat 'n fiets werklik gesteel is. Na die klag ingedien is, word daar van die assuransie geëis. Sulke gevalle het reeds voorgekom. Lt. Theart sê dat so 'n persoon hom skuldig maak aan bedrog en vervolg kan word.

Mnr. Bennie Meyer, 'n student aan die Universiteit, sê sy fiets is gedurende die nag van die 14de April gesteel. Hy het die saak by die SAP aangemeld vir assuransie doeleindes. Die fiets was R200 werd. Hy gaan die bedrag van sy pa se assuransie eis. Hy verwag nie om die gesteelde fiets terug te kry nie, aangesien hy nie die fiets se raamnommer ken nie. 'n Vereiste wat die assuransiemaatskappye stel wanneer 'n eis ingedien word, is dat die gesteelde fiets, gesluit moes wees. Mnr. Meyer sê sy fiets was gesluit.


Die SAP het met 'n voorstel na Kampusbeheer gegaan wat beter kontrole kan verseker. Hulle stel voor dat elke fiets van 'n raamnommer voorsien word, en dat Kampusbeheer die nommers op die fietse druk en daarvolgens registreer. Mnr. A.V. Meier, hoof van Kampussekuritiet, sê dit is 'n goeie voorstel wat in die vooruitsig gestel word. Hy sê egter dat dit 'n langtermyn proses is. Die sukses van so 'n onderneming sal ook afhang van die studente se samewerking. Sò 'n reëling sal nie noodwendig die diefstalle verminder nie, maar sal verseker dat fietseienaars makliker opgespoor kan word indien 'n fiets gevind word.

Lt. Theart sê dat booswigte verantwoordelik is vir 'n groot persentasie van fietsdiefstalle. Ongeveer 40% van die diefstalle vind plaas uit die binnepleine van koshuise. In sulke gevalle kan studente dikwels daarvoor aanspreeklik gehou word. Studente kan diefstalle verminder deur gereeld fietse te sluit.

In 'n klopjag wat verlede jaar deur die SAP uitgevoer is, is ongeveer 100 gesteelde fietse teruggevind. Slegs 50% van die fietse kon aan eienaars teruggegee word deurdat die SAP oor korrekte gegewens en raamnommers beskik het. Onopgeëiste fietse word op 'n openbare veiling verkoop. Op die veiling wat in Februarie gehou is, is 35 fietse verkoop. Op dié stadium is daar 21 onopgeëisde fietse by die SAP.

Hoewel ander misdade ook voorkom, is die intensiteit nie van so 'n aard dat dit kommerwekkend is nie. Lt. Theart sê die meeste gevalle van misdaad kom binne die studentegemeenskap voor. As studente meer opmerksaam is en beter samewerking gee, kan baie misdade voorkom word. Indien inligting aan die SAP oorgedra word, sal die informant beskerm word deur sy naam nie bekend te maak nie.

Diefstal in koshuise word ook van tyd tot tyd gerapporteer. Dikwels word die skuldige deur huislede gevang. Omdat die skuldige jammer gekry word, word die saak nie by die SAP aangemeld nie. H.K.-lede word versoek om sulke gevalle onder die SAP se aandag te bring sodat skuldiges krimineel vervolg kan word. Volgens Lt. Theart is dit die enigste oplossing vir die doeltreffende bekamping van misdaad. Betrokkenheid deur studente sal 'n afname in misdaad beteken.



VOLGENS Lt. P.J. Theart, waarnemende takbevelvoerder van die speurdiens is 111 gevalle van fietsdiefstal tussen Februarie en Maart die jaar aangemeld. Hy het gesê dit is dikwels die studente self wat verantwoordelik is vir die fietsdiefstalle. Dit is wanneer hulle te lui is om terug te stap koshuis toe en dan enige beskikbare fiets "leen".

# KJA help soek na rol van Kerk in SA

HET die N.G. kerk nog 'n algemene taak in die Suid-Afrikaanse samelewing of is sy rol uitgedien? Moet die Kerk uit die politiek en aktuele sake bly en slegs die Bybelboodskap verkondig? In 'n reeks besprekingsdienste probeer die K.J.A. 'n antwoord op dié vrae bied. 'n Groot aantal Kerkleiers op Stellenbosch sal praat oor onderwerpe soos: "Die N.G. Kerk en rasseverhoudinge", "Die eenheid van die Kerk", en "Die N.G. Kerk en die armoedevraagstruk."

Die gespreksdienste sal op Sondagaande in die Erfurthuis plaasvind. Die dienste wat hierdie kwartaal aangebied word is, anders as in die verlede, nie deur die kerkraad self georganiseer nie. Mnr. Ernst Conradie, KJA-bestuurslid vir Leer- en Aktuele Sake, het dit hierdie keer gereël.

Mnr. Conradie meen dat die temas baie aktueel is en meer mense se belangstelling behoort te prikkel as dié van die verlede.

Op 17 April lewer dr. D. du Toit 'n inleidende diens oor die rol van die N.G. Kerk in die samelewing. Moet die kerk hom met politiek bemoei, of staan die N.G. Kerk in Suid-Afrika soms te verhewe bo die probleme van die samelewing? Dr. du Toit sal antwoorde op dié aktuele onderwerpe verskaf.

Met die tweede besprekingsdiens op 24 April sal Prof. W.D. Jonker se diens oor die N.G. Kerk se houding ten opsigte van die rasseverhoudinge in Suid-Afrika handel. Prof. J. du Preez sal die N.G. Kerk se huidige beleid en die ontstaan van dié beleid bespreek en met feite uit die geskiedenis toelig. Dr. H. Combrinck bespreek die kerk se huidige beleid en ook die besluite van die 1982-Sinode.



DR. DU TOIT

Tydens die derde besprekingsdiens op 1 Mei bespreek Dr. P.F. Theron die tema: "Die eenheid van die Kerk". Dr. D.J. Hattingh verduidelik die verdeeldheid in die N.G. Kerkfamilie en probleme wat die kerk in die toekoms sal moet oplos. Prof. B.C. Lategan bespreek die verhoudinge tussen die N.G. Kerk, die N.G. Kerk van Afrika en die N.G. Sendingkerk. Prof. Lategan sal verduidelik waarom daar spanning tussen die drie lede van die N.G. Kerkfamilie bestaan.

Die laaste besprekingsdiens, wat op 8 Mei plaasvind, handel oor die N.G. Kerk se houding ten opsigte van die armoedevraagstuk in Suid-Afrika. Dr. D.J. Smit van die Universiteit van Wes-Kaap sal elke Christen se persoonlike plig teenoor sy arm medeburgers verduidelik. Prof S.J. Terreblance bespreek die rol wat die N.G. Kerk — vandag en in die toekoms — kan speel om die armoedevraagstuk die hoof te bied. Ds. J. Coetsee van die N.G. Sendingkerk beantwoord die vraag of elke Christen nie uiteindelik 'n nuwe lewenstyl moet aanvaar nie.



TERREBLANCHE

Die dienste word in die vorm van 'n gewone erediens aangebied, waarby 'n paneel an sprekers optree. Daar is telkens geleentheid vir vrae.

Volgens Mnr. Conradie het hierdie reeks besprekingsdienste 'n baie aktuele onderwerp as tema en word dit gelei deur pesone wat goed op hoogte van sake is wat die onderwerpe betref. Almal wat die dienste bywoon, behoort duidelikheid oor die rol van die N.G. Kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing te kry.



DIE jaar word ryp in goue akkerblare, het die digter gesê. Dit word moeilik om op te staan vir jou eerste klas en die predikatetrein fluit al hoorbaar op die agtergrond.

# RM gee plate vir wie terugskryf

DEUR slegs die volgende vrae te beantwoord het u die geleentheid om 'n plaat of twee te wen. 'n Aantal inskrywings sal getrek word en aan elk sal 'n plaat gestuur word. Inskrywings is gratis en u moet slegs die onderstaande vrae beantwoord, u naam en adres invul, en u inskrywing by *Die Matie* inhandig. Dis u geleentheid om 'n plaat heeltemal gratis te ontvang.

1. Kom u dikwels in die Neelsie? Ja/Nee
2. Gaan u ooit Neelsie toe om na Radio Matie te luister? .................. Ja/Nee
3. Het u al in die verlede van Radio Matie gehoor? .................. Ja/Nee
4. Dink u dat Radio Matie 'n aktiewe rol op die kampus speel? .............. Ja/Nee
5. Kan u duidelik hoor wat die omroepers sê? .................. Ja/Nee
6. Sou u meer Aktualiteitsprogramme verkies? .................. Ja/Nee
7. Sou u na Radio Matie luister indien dit in u koshuis gehoor kan word? .... Ja/Nee
8. Watter tipe musiek verkies u? ..................
9. Waarna sou u graag gedurende die etensuur wou luister? ..................

Naam: ..................

Adres: ..................

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING!

# Ondersoek geloods ná gerugte oor koshuisboetes

DAAR is gerugte dat HK-lede hulle koshuise probeer verryk deur soveel as moontlik boetes uit te skryf. *Die Matie* het 'n paar koshuise genader en hieronder is 'n lys van die totale bedrae ingesamel deur die koshuise verlede jaar, die aantal inwoners en die bedrag per capita. Oor die algemeen lyk dit nie asof die gerugte waar is nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dagbreek | R130 | 280 | 46,5 |
| Eendrag | R240 | 265 | 90,5 |
| Helderberg | R90 | 192 | 47 |
| Helshoogte | R120 | 317 | 38 |
| Hombré | R130 | 90 | 144 |
| Huis Marais | R65 | 120 | 54 |
| Huis Visser | R125 | 125 | 100 |
| Majuba | R20 | 151 | 13 |
| Simonsberg | R380 | 276 | 137,5 |
| Huis de Villiers | R97 | 135 | 72 |
| Huis Neethling | R130 | 97 | 134 |
| Huis ten Bosch | R113 | 180 | 63 |
| Lydia | R60 | 154 | 39 |
| Monica | R48 | 154 | 30 |
| Nerina | R164 | 220 | 74,5 |
| Sonop | R115 | 136 | 84 |
| Serruria | R80 | 196 | 41 |




Lunch Specials
NEWDAY MENU
Toasted Sandwiches, best selection in town
Live Music: Mon, Wed, Thurs and Sund.
No service charge at all.

# Students fined for flag theft

TWELVE Simonsberg students will have to pay R100 admission of guilt fines after South West Africa police confiscated eleven stolen flags from their luggage at Mariental.

The students, who were on a rugby tour in South West took the flags from lampposts in Luderitz where they were on display as part of the town's centenary celebrations. One of the tour members said that the flags had been taken as souvenirs and that trouble would not have arisen if the students actions had not coincided with the theft of a valuable flag. This flag, which was sent from the city of Bremen for the celebrations, is still missing. It was stolen from inside a building which was subject to police guard.

### Indications

A spokesman for the touring party said he was convinced that the flag had not been stolen by a student and that there were indications that the crime was a "professional job".


Five of the stolen flags were voluntarily handed back when police appealed to the group. A further eleven flags were recovered later when police searched the students' luggage at Mariental.

### Alternative

The magistrate at Keetmanshoop, Mr F.H. Truter, decided not to charge the students with theft. They were given the option to pay admission of guilt fines for an alternative charge of damage to property. One reason for Mr Truter's decisin was that some of the students had to write tests and would not have been able to appear in court. The fines must be paid before June 14.

### Steps

The penal committee of the Stellenbosch Rugby Club is to meet to decide whether further steps will be taken against those involved.



ST. MARY'S on the Braak.

# Chaplain to leave St Mary's

A NUMBER of students will probably be affected by the decision of Mr Peter Twycross, ex-student chaplain at St Mary's on the Braak, to leave the Anglican Church. The announcement of his resignation was made on Easter Sunday, although it had been rumoured earlier.

Mr Twycross gave the reasons for his decision to resign at a meeting held on Wednesday, 13 April. He felt that his decision was made in obedience to God.

### Object

His major objections were the following:

- the clear distinction made by the Church between laity and ordained priests;
- the extensive use of liturgy;
- infant baptism, which he regards as unacceptable and unscriptural;
- the excessive stress of an extended Church hierarchy, rather than local authority of congregations.

He was also shocked by the Church's failure to take disciplinary action against clergy who made unscriptural public statements about homosexuality and cohabitation. It was these circumstances that made him feel compelled to resign.

### Love

The Reverend Ted Goodyear, rector of the parish, said that he was sad about the split in the Church, and he saw it as a failure of Christian love. He feels that one cannot change something by leaving it, but that change has to come from within.

### Important

When asked for further comment, Mr Twycross said he felt sorry it had to happen, but that it was important that an alternative witness to the Kingdom of God be made. He has joined a nondenominational group called the Stellenbosch Christian Fellowship.

# Nog gevang met dagga

DIE onlangse vlaag uitrokings van daggarokers is nie die gevolg van 'n spesiale optrede deur die Polisie nie.

Majoor Kershoff, skakeloffisier van die Polisie in die Boland-distrik het gerugte ontken dat spesifiek teen studente opgetree word en dat 'n spesiale dwelmafdeling van die Stellenbosse Polisie vir die inhegtenisnames verantwoordelik is. Hy het gesê dat die Narkotikaburo van die Paarl alle dwelmsake in die Boland hanteer. "Die Buro is gedurig besig om die euwel te bekamp."



Agt studente is reeds sedert die sluiting van die Universiteit verlede jaar gevang, waarvan verskeie geskors is. Die nuutste drie, dames van Huis Piron, is op 2 April in hegtenis geneem nadat hulle na bewering dagga by 'n motorhawe in die Strand gekoop het. Die Polisie was geruime tyd al besig om 'n verdagte daggahandelaar dop te hou. Die dames se motor is naby die motorhawe voorgekeer nadat die Polisie inligting bekom het.

Die motor is deursoek en tien daggapille is in hulle besit gevind. Hulle het reeds op 5 April in die Strand se Landdroshof verskyn.

Majoor Kershoff het 'n beroep op jongmense gedoen om nie dagga te rook nie, nie net omdat 'n landswet oortree word nie, maar ook om gesondheidsredes. "Hulle moet ook aan hulle longe dink," het hy gesê.

Mnr. Deon Rossouw, SR-voorsitter, het gesê dat hy enige situasie waarin 'n mens beheer oor jou eie lewe verloor, en dus ook die gebruik van dagga, afkeur.

# Polstu hou vergadering

DIE onderwerp *Die rol van die studentekoerant en die alternatiewe pers* word op Maandag 25 April in die Breughel bespreek. Jacques Joubert, redakteur van *Die Matie*, 'n bekende koerantman van Kaapstad, asook Nic Boraine van *Varsity* is onder die sprekers wat die gesprek sal lei. Die vergadering, wat om 8 nm. sal begin, is deur Polstu gereël na aanleiding van onlangse pogings om beperkings te lê op Stellenbosch se studentekoerant.

# Regslui vir Menseregte

**STAATSVEILIGHEID, Polisieoptrede en Regsetiek** is die onderwerp waaroor prof. J.D. van der Vyver 'n vergadering van die Stellenbosse tak van Regslui vir Menseregte toespreek. Prof. Van der Vyver van Wits is tans voorsitter van die organisasie. Die vergadering sal op 28 April plaasvind en almal is welkom om 19h30 in die Ou Hoofgebou.

# Motor gewen

DIE motorkompetisie wat deur die Karnaval-komitee gelods is, se uitslag is verlede week bekendgemaak. Daar is 45 000 inskrywings ontvang.

Die trekking het verlede Donderdag in die Rektor se kantoor plaasgevind. Die eerste prys, 'n Ford Escort 1300 GT, is deur mnr. W. Verster van Vredenburg gewen. Die tweede prys, R4000 kontant, is deur 'n inwoner van Majuba mnr. Kobus Hechter, gewen. Die derde prys, 'n Sharp Musieksentrum, is deur mnr. W.S.W. Trollope van Alice in die Ciskei gewen.


Nagwerk een lang gega-a-ap?



Bly wawyd wakker met Regmakers®

Nagwerk? Studeer of bestuur jy regdeur die nag? Kry Regmakers, die ligte opkikker-tabletjie wat jou wawyd wakker maak en op-en-wakker hou.

Regmakers®

Elke tablet bevat: Kaffeïne 150 mg.


# Verwoerd-kleinseuns praat oor Apartheid in *Drum*

TWEE kleinseuns van dr. Hendrik Verwoerd, mnre. Francois du Bois en Hendrik Verwoerd, het in 'n onderhoud met die tydskrif *Drum* apartheid skerp gekritiseer.

Mnr. Du Bois, die nasionale president van Polstu, het aan *Drum* gesê apartheid kan Suid-Afrika net na bloedvergieting lei. "As Afrikaners wat nou die mag het, behoort ons te besef dat die bordjies nog verhang gaan word, en dit terwyl ons dit nog gaan beleef", het hy gesê.



MNR. VERWOERD.

Hy het gesê dat die Afrikaner moet aanpas terwyl daar nog tyd is.

"My oupa se planne vir apartheid het op die korttermyn-basis vir die grootste deel van sy geslag gesorg. As 'n jongmens met korttermyn-belange by Suid-Afrika, het ek 'n formule nodig wat my en my direkte nageslag sal beveilig."

Mnr. Hendrik Verwoerd, die sekretaris van die SR, het ook die tradisionele apartheid gekritiseer. Die huidige Suid-Afrikaanse werklikheid vereis dat die gaping tussen rassegroepe oorbrug word. Daar is 'n groot mate van polarisasie en alle Suid-Afrikaners behoort mekaar tegemoet te kom om 'n ontwerpvoorstel vir die toekomstige Suid-Afrika te maak."

Mnr. Verwoerd het gesê dat apartheid 'n mislukking is.

Die huidige regering sal dringend iets hieraan moet verander. "Die regering moet werkverskaffing, behuising, opvoeding en algemene burgerskap vir die Swartman verseker, sodat hulle kan voel dat hulle aan Suid-Afrika behoort."



MNR. DU BOIS

Toe hy deur *Die Matie* om 'n onderhoud genader is, het hy sy terme verduidelik. "Met 'algemene burgerskap' bedoel ek nie 'n eenheidsstaat nie. Ek het bedoel dat almal gelykwaardige burgerskap moet kry, maar nie noodwendig van dieselfde staat nie," het hy gesê.

Hy het tradisionele apartheid gekritiseer omdat dit onprakties is, en die eerste Minister se hervormings ondersteun. Volgens hom was hierdie hervormings 'n stap in die regte rigting.

Mnr. Du Bois het gesê dat hy nie die hervormings as 'n ware verandering beskou nie. "Daar is wel hervormings, maar dit maak geen verskil aan die struktuur van apartheid nie. Die blankes het nog altyd die mag. Dit is miskien beter om aan die hervormings as 'n soort 'Neo-apartheid' te dink.



THE UPPER THING wat deur Etoules aangebied word, beloof om iets groots te wees. Hierbo repeteer lede van die koor vir die eerste produksie van dié maatskappy.

# Digters debuteer

**gedig vir willie**

**in hierdie grysland van dwaling is ek weer**
**die kind**
**wat ek nooit was nie —**
**spoel ek met die spoor**
**in noue beklemming teen randstene**
**vas, tot op die padboeg**
**waar water en blaar dom dam**
**in 'n poel van stilte**

Susan Heymans

*the upPer thing*

# Etoules wil boontoe

*THE UPPER THING*, 'n visuele konsertopera deur Niël le Roux, word op 29 en 30 April in die Endlersaal opgevoer. Die opera word aangebied deur 'n nuutgestigte maatskappy, Etoules.

Dit is die eerste keer dat 'n opera deur 'n Suid-Afrikaanse komponis in dié medium aangebied word. Die komponis glo dat dit nie 'n produksie is waarin sangers sekere rolle vertolk nie, maar dat die karakters as't ware uit die verhaal geneem word en met 'n konsertsituasie gekonfronteer word. Hulle word dus gedwing om op 'n musikaal-logiese wyse hulself aan die gehoor te ontbloot. Die instrumentaliste en die dirigent verskyn saam met die spelers op die verhoog en vorm 'n integrale deel van die toneel.

*The Upper Thing* handel oor die sosiale puberteit van 'n jong meisie. Niël le Roux, 'n derdejaarmusiekstudent, het die teks geskryf. Hy het eers 'n maatskappy, Etoules, gestig. Dit was om die buitengewone talent van sangeresse by die Konservatorium te benut. Só sou hulle 'n kans gegun word om professioneel op te tree. Die opera is spesifiek geskryf vir jong stemme om onbegeleid op te tree.

Niël finansier sy maatskappy en produksie self en handhaaf deurgaans 'n professionele standaard. Die hoofrolle word gesing deur Sonja Janse van Rensburg (sopraan), Ingrid van Zweel (sopraan), Alta Jacobs (mezzo-sopraan), en Isabelle van Zyl (alt). Hulle word bygestaan deur 'n koor en instrumentale ensemble. Dié word deur Niël self gedirigeer. Ingrid von Zweel en Isabelle van Zyl was verlede jaar albei finaliste in 'n SAUK-sangkompetisie. Alta Jacobs is 'n professionele koloratuur-sopraan, maar het ingewillig om as mezzo-sopraan op te tree, nadat sy genooi is om in die produksie te sing.

Die opvoerings begin albei aande om 20h30. Kaartjies kos R5,50 en plekke kan by Teaterbesprekings, by Edrich gedoen word.

Niël se maatskappy voer op 2 Junie 'n avant garde kabaret in die H.B. Thomteater op. Verdere produksies word reeds beplan en sal later in die jaar aangekondig word.

**Willem de Vos**

# Wen 'n prys met skryf

'n LETTERKUNDE kompetisie word tans deur die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch (ASVS) in samewerking met die Afrikaanse Studiekring aangebied.

Inskrywingsvorms kan by die ASVS-kantoor of in die Afrikaans en Nederlandse Departement by mev. Van Niekerk (Lokaal 209 of 210) afgehaal word. Die sluitingsdatum is 11 Mei 1983.

Kontantpryse en boekpryse ter waarde van R100 is op die spel. Hierdie pryse word na die beoordelaars se goeddunke verdeel en vir bydraes in die kategorieë poësie, prosa, drama en monoloë toegeken.

Van die bydraes sal tydens die Kultuurweek deur die beoordelaars, dr. R. Gilfillan, mev. Jean Lombard en mnr. Johan van Heerden, bespreek word. Die wenner word deur die ASVS ingeskryf vir Kuesta '83 in Bloemfontein.



PIETER-DIRK UYS (hierbo as Billie-Jean Bezuidenhout) het daarvoor gesorg dat Stellenbossers vir alles, insluitende hulself, leer lag.

# Kunskalender

**CINE I**
21.4-23.4 1982: Final showings of films presented by the 7th Cape International Film Festival: enquiries — (02231) 4464.
23.4: Matinee showing of *The Hawk Slaver*, an action adventure with Jack Palance
25.4-3.5 1982: *The Verdict* starring Paul Newman, Charlotte Rampling and Jack Warden.

**CINE II**
21.4-23.4 1982: 7th Cape International Film Festival in Stellenbosch; Programmes available from Cine I and II. Book now.
23.4: Matinee presentation of *Dixie Dynamite* with Warren Oates and Christopher George.
25.4-30.4 1982: *An Officer And A Gentleman* starring Richard Gere and Debra Winger.
30.4 1982: *Saturday Night Fever* starring John Travolta.

**ENDLER HALL, CONSERVATORIUM**
29.4-30.4 1983: Etoules presents a visual concert opera, *The Upper Thing*: produced by Niel le Roux.

**NICO MALAN THEATRE**
21.4, 27.4, 30.4, 3.5 1983: The Italian opera *Rigoletto*, produced by Angelo Gobbarto, and featuring the CAPAB Orchestra.
21.4-30.4 1983: Drama: *Up Atom (The Nuclear Nightmare Show)* by Maralin Vanrenen and Marilyn Taylor; a rock musical satirising and questioning the use of nuclear power.
3.5-5.5 1983: Drama: *Die Onpaar Paar* by Niel Simon. Two men of very different character find difficulty in sharing a flat.
21.4-30.4 1983: Ballet: a double billing of Frederick Ashtons celebrated skating ballet, *Les Patineurs* and *Giselle*.
19.4 20.4, 22.4 1983: The *CAPAB Orchestra* presents lunch-hour concerts.
23.4 1983: *Pedro Soler*, a Flamenco guitarist features.

**THE BAXTER CONCERT HALL**
*Farce About Uys* with Pieter-Dirk Uys, Thoko Ntshinga and Chris Galloway opening 21.4.1983 for a short run.

**CAPE TOWN CITY HALL**
The *Cape Town Symphony Orchestra* will be performing various concerts.

**MUIZENBERG PAVILION**
23.4 1983: *Cape Town Symphony Orchestra* conducted by Carlo Zecchi will perform works of Beethoven and Shubert.

**BAXTER THEATRE**
*Dieter Riebles* production of Playing With Fire — love lust and fun!

**GOLDEN ACRE COMPLEX**
23.4 1983: First night of *Gandhi*, a Richard Attenborough film, winner of eight academy awards.

**GOWLETT GALLERY**, 94 Long Street.
23.4 1983: Last day of the Corobrik National Ceramics Exhibition.


Cobwebs
Juweliersware
Liebermann-breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout-wynrakke

peter eckert
HAIR FASHION




INTRODUCING
dual cycle perm
Without Heat!

Present this coupon from 21 April-14 May '83 at Peter eckert Hair Fashion and you will be allowed a R8,00 discount of our regular price for a **Dual Cycle-Perm.**

REVLON

REVLON dual cycle™ CONDITIONING PERM

Client's Name .................... Phone ..................
Address ..........................................
**CNR MERRIMAN & ANDRINGA STREETS**



HAUM Sweet HAUM
TRUST BANK SENTRUM, STELLENBOSCH.

# Love, Sisyphus and the zoo

IN the Greek myth, Sisyphus is for ever doomed to roll a great boulder up a punishing incline. But everytime he reaches the summit, the boulder rumbles downhill, and Sisyphus's fate is perpetuated. To Albert Camus this myth epitomized the absurdity of a life in which absolute values and (re)solutions are cruelly absent, although we instinctively yearn for them.

by Hein Marais

American playwright Edward Albee's "The Zoo Story" deals, in general, with this numbing situation and the problems posed by it. In particular, however, it serves as an indictment of our responses to it and proposes a humanistic alternative.

Returning from the zoo, the lonely, transient Jerry (Robert Finlayson) chooses Peter (Neels Engelbrecht), who is sitting on a park-bench, reading, as a conversation partner. Jerry's probing questions reveal Peter as a middle-class publisher, comfortably — but selfishly — cooped up in his domestic "fortress", ("a nice married man with two daughters . . . and cats . . . and two parakeets . . ."). Peter has responded to this world by deliberately neglecting communications between himself and other human beings. The "zöo" serves as a metaphor for the caged existence into which we retreat, for we "are all," says Jerry, "animals." Jerry, however, desperately seeks to implant some fragile meaning into his life by reaching out to his fellow men. He tells how, only after he had tried to love and then murder his lustful landlady's dog, he managed to establish some relationship, however tenuous, with it: "You have to make a start somewhere. WITH ANIMALS! What better place?"

Rather than to descend to the naïvety of a universal brotherhood, Jerry fixes his hope on mere sincere human contact — "A person has to have some way of dealing with SOMETHING . . . with God. How about that? With god who, I'm told, turned his back on the "Whole thing . . . with . . . someday . . . people." But this basic humanism that Jerry proposes is not the antithesis of absurdity, for the latter is not man-made but a given reality. Nor can it transcend this absurdity, as is borne out by Jerry's (planned) suicide when he impales himself on his own knife, held by Peter.

Instead of Peter's introversion and the glossy veneer of materialism and prosperity that he uses to conceal his spiritual impoverishment, Jerry suggests a genuine humanism as the only meaningful response to our situation. "The Zoo Story" provokes not despair but hope.

Apart from over-emphasizing Jerry's nervousness and perhaps allowing the death scene to tend towards melodrama, Robert Finlayson (a 1st year Drama student) delivered a promising performance. Neels Engelbrecht, who was recently nominated for the Fleur du Cap Theatre Award as Best Student Actor, acquitted himself well of his task in his somewhat less demanding role, although he, too, tended to overstress his character's discomfort and embarrassment.

Director Noël Roos is to be commended for staging such a challenging play for local audiences, who have perhaps grown weary of the period pieces that are staged all too frequently. Here's hoping for similar fare in the future.



DIÉ waterverfskildery se titel is *Lions*. Dit is 'n goeie voorbeeld van die werk van die Kaapstadse skilder, Derric van Rensburg.

# *Waterverf gebruik vir diere, blomme en geboue*

DERRIC van Rensburg van Kaapstad het van 29 Maart tot 15 April 'n tentoonstelling van waterverfskilderye gehou in die Edrich-Uitstallingsgalery in Van Ryneveldstraat.

deur Anso van Zyl

Reeds in 1966 — op veertienjarige leeftyd — het Van Rensburg begin belang stel in skilder. Hy het tot matriek kuns as vak geneem. Daarna het hy sy diploma in Handelskuns verwerf by die Kaapse Tegniese Kollege. Hy het in 1970 skilderye begin verkoop. Die kunstenaar-skilder voorwerpe waartoe hy aangetrokke voel. Hy is nie 'n ekspressionistiese skilder nie.

### Impressies

Sy werke bestaan uit geskilderde impressies en hy probeer nie om realisties te skilder nie alhoewel sy werke naturalisties is. Sy gunstelingonderwerpe is diere en blomme maar hy skilder ook geboue, landskappe en hawe-tonele. Dié kuns het hy baie goed bemeester.

Op die oomblik eksperimenteer hy met sy tegniek en sy benadering ten opsigte van sy onderwerp.

Die gehalte van die werk wissel, maar oor die algemeen is dit baie bevredigend. Dit beeld bekende onderwerpe soos Kaaps-Hollandse boustyle, hawetonele, landskappe, diere en blomme uit, alhoewel dit nie in 'n geykte tradisie gedoen is nie.

### Tegniek

Die kunstenaar se nuwe benadering wat betref kleur, komposisie en tegniek, is goed. Enige persoon wat 'n waardering vir waterverfskilderye met 'n naturalistiese benadering het, sou dié tentoonstelling baie geniet het.

## Digters!

**Daar verskyn nog net twee Maties in hierdie termyn. Die kunsredaksie van *Die Matie* sê baie dankie aan al die belowende jong digters wat gedebuteer het. Daar is nog 'n kans vir die huiweriges om hulle gedigte by te dra.**

**Ons wag pogings in vir die laaste Maties.**



DRIE van die vier soliste verskyn hier. Hulle is v.l.n.r. Paul Loeb van Zuilenburg, Suzette Brits en Faan Malan.

# Jong soliste blaas in vroeë aandure

DIE Universiteit van Stellenbosch se blaasorkes bied eersdaags weer 'n uurkonsert aan.

Vier belowende jong soliste sal op Vrydagaand, 6 Mei in die Endlersaal saam met die US Konsertblaasorkes optree. Die jaarlikse uurkonsert begin alreeds om 19h30 en lig-klassieke werke sal uitgevoer word. Die program bevat bekende werke soos die *Vlug van die Hommelby* van Rimsky-Korsakov en die *Russiese Seemansdans* van Gliere.

Die soliste sal wees Fraan Malan — horing, Fanie Zondag — fluit, Suzette Brits — tympani en Paul Loeb van Zuilenburg — trompet.

### Tradisie

Die konsertblaasorkes onder leiding van dr. Paul Loeb van Zuilenburg sit hiermee 'n lang tradisie van blaasorkesmusiek in die vroeë aandure (soos Hans Endler hom dit seker ook voorgestel het) voort. Die orkes stel daarin belang om die goeie dinge uit die verlede ('n Stellenbosch-tradisie) behoue te laat bly.

# Hermans se humor boei sy gehoor

DIE bekende Nederlandse skrywer, W.F. Hermans het aan die einde van verlede kwartaal Stellenbosch besoek. Sy praatjie was sprankelend en skerpsinnig. Selfs diegene wat oppervlakkig geluister het, kon hom beskou as 'n groot komediant.

Op die vraag, "Hoekom skryf u?" het hy geantwoord dat niemand ooit vir 'n bokskampioen vra hoekom hy boks nie.

Volgens Hermans het sy loopbaan as skrywer op vierjarige ouderdom begin. Hy het per ongeluk die inkbottel wat hy gebruik het, op sy voorskoot omgekeer en dit is toe van hom weggeneem. Amper het sy loopbaan net daar geëindig.

Hermans is 'n baie veelsydige skrywer. Hy is veral bekend vir sy romans maar hy skryf ook dramas en gedigte.

Hermans het Suid-Afrika besoek omdat dit een van die min lande is waar die Nederlandse letterkunde nog 'n afsetgebied het.

## *PLATEPETALJES:*

# Die "guardian angel of rock"

**PETER GABRIEL: FOUR**

Pieter van der Lugt

OUKAAI nou, wat het ons hier ek sê. O ek sien dis daai Peter Gabriel wat eers by Genesis was en later alles oor Biko uitgevind het, hiehie.

Maar sit op lat ons hoor. Almal ken die twaalfsilinder-slaankrag van *Shock the Monkey*. Dalk is die res net so g. . .

Goeie genugtig! Die man spring toe weg met *Rhythm of the heat* en slaan die borrels uit my coke uit. Gewend aan die agnouja stemme van die nieu (new?) romantics, is Gabriel se rou gat van 'n keel so onverwags soos nuwe inklokreëls vir matiemeisies.

*San Jacinto* is liries van mooigeit. I have the touch is . . .ja, hoekom nie? hartaanroerend man! *The family and the fishing net* is dramaties, met 'n soort oosterse geheiome spanning.

Terwyl jy oor die konsep van die plaat wonder, draai jy hom om en daar skok die monkey. Dit moet een van die sterkste rockploffers wees wat tot onlangs die transistorre in my hoëtrou laat opkewer het.

'n Sterker pleidooi vir kommunikasie as *Lay your hands on me* kon die new romantics nog nie lewer nie.

*Wallflower* sluit aan by *Family* met sy gespanne luggie, voordat vriend Gabriel jou verstom met 'n brass-seksie op Kiss of Life. 'n Spuitsel koperblasers, nes E. W&F! Kan 'n sensitiewe tagtiger nog so vrolik wees?

Gabriel is. En dit maak hom blywend. The guardian angel of rock, die kêrel.

VAKATURE:
TEGNIESE BEAMPTE:
TAALLABORATORIUM
Die Taallaboratorium benodig dringend die dienste van 'n deeltydse tegniese beampte.
**Vergoeding:** R200 per maand
**Navrae:** Mnr W Moore (tel 71140 X2127)
**NB** Kandidate met vaste klasverpligtinge sal nie oorweeg word nie.

U.U.B. *VIR AL U*
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk
PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

KOM TOER SAAM
1. **JEUGTOER** na **ENGELAND** en **EUROPA**
8—24 Julie 1983
Toerprys: R2194. Slegs persone 17-35 jr. oud.
2. **JEUGTOER** na **PASSIESPEL OBERAMMERGAU** 1984 ENGELAND en EUROPA
6—12 JULIE 1984
Toerprys R2194. Slegs persone 17-35 jr. oud.
3. **SPANJE PORTUGAL** en **MAJORKA**
12-25 Julie 1983
Toerprys: R1699. Geen ouderdomsbeperking.
*Toere kan maandeliks afbetaal word.*
**Nader: Toerleiers Vyfdestraat 42 Linden 2195**
**Telefoon: Johannesburg 7829195.**

**Die Matie**

**Woensdag, 30 Maart 1983**

# Administratiewe klerke of leiers?

TYDENS verlede Dinsdagaand se SR-vergadering het 'n SP-lid (hy is ook SR-lid) opgemerk dat die SR-lede ingevolge die nuwe Grondwet van US niks meer as administratiewe klerke is nie. Die Grondwet bepaal dat die SP die beleidmakende liggaam van die Studente-unie is en dat die SR administratiewe werksaamhede in die belang van die studente-unie verrig. Die grondwet lê verder groot klem daarop dat die SP opdragte gee aan die SR wat uitgevoer moet word.

Die SR het wel volgens die Grondwet die bevoegdheid om ten op sigte van eksterne aangeleenthede verteenwoordigend van die Studente-unie op te tree. In die praktyk is interne aangeleenthede van groter belang met die gevolg dat die SR hoofsaaklik as 'n administratiewe liggaam op tree. Die status van die SR het dus verander. Die vraag kan nou gestel word of daar sin daarin is om die Grondwet te behou soos dit is maar om die SR weer deur die Studente-unie te laat verkies.

Die motivering agter die nuwe stelsel is dat studentepolitiek op 'n meer verteenwoordigende wyse beoefen word. As Studenteraadslede nou kla dat hulle onseker is oor hoe verteenwoordigend hulle is, bevraagteken dit die basiese grondslag van die stelsel. Dit is as hulle besef dat die Grondwet nie vir die SR die bevoegdheid gee om ten op sigte van interne beleidsaspekte verteenwoordigend op te tree nie.

Ten op sigte van eksterne beleidmaking behoort die SR as liggaam verkies deur die sogenaamde mees verteenwoordigende liggaam, die SP, nie ingevolge die Grondwet oor hul verteenwoordiging te twyfel nie. Die onvermoë om verteenwoordigend op te tree t.o.v. interne sake is 'n illusie, want volgens die Grondwet het die SR in elk geval nie daardie bevoegdheid nie.

Volgens art. 6(2) van die grondwet vaardig die SP reglemente uit ten opsigte van die SP, SR en hulle komitees. Dit doen die SP as die beleidmakende liggaam. In 1981 is 'n mosie deur die SP aanvaar wat aan die SR die "bevoegdheid" gegee het om ook reglemente uit te vaardig. Die Grondwet is dus gewysig. Die Grondwet bepaal egter dat alle wysigings van die Grondwet slegs deur middel van 'n referendum of 'n monstervergadering kan plaasvind. Die geldigheid van die reglemente deur die SR uitgevaardig kan dus deur 'n studentehof betwis word. Omdat die SP so groot en lomp is, is dit verstaanbaar dat die SR dié bevoegdhede moes kry. Dit het aan die SR 'n interne beleidmakende funksie verleen wat die Grondwet weerspreek.

Alles dui daarop dat die nuwe stelsel weer en tot in sy wortels ondersoek moet word.


## REDAKSIE

**HOOFREDAKTEUR:** JACQUES, JOUBERT, Dorpstraat 57A (Tel. 74130)
**REDAKSIEKANTOOR:** Langenhovenstudentesentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332)
**BOODSKAPPE:** Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138); Posbus nr. 20
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** DAWIE BOSCH, Heroldstraat 21 (Tel. 71502)
**AKTUELE REDAKTEUR:** CORINNE OOSTHUIZEN, Nemesia (Tel. 71300)
**NUUSREDAKTEUR:** VAKANT
**SPORTREDAKTEUR:** ANDRÉ DUVENHAGE, Eendrag (Tel. 2135)
**KUNSREDAKTEUR:** JENNIE JOHNSON, Huis Piron (Tel. 73785)
**SOSIALE REDAKTEUR:** G.P. KELLERMANN, Eendrag (Tel. 2135)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** HELET HERHOLDT, Twee Pieke 35 (Tel. 9330)
**HOOFFOTOGRAAF:** GRAHAM VAN HEERDEN, Louwstraat 12, Durbanville (Tel. 96-3401)
**TAALREDAKTEURS:** ROBERT BOKHORST, Majuba-Anneks (Tel. 6447); ELMARIE VAN AS (Tel. 2217)
**SKAKELBESTUURDER:** ANDRÉ ROODT, Eendrag (Tel. 2135)
**SPOTPRENTTEKENAARS:** FRANS BASSON, Majuba; VALDI STRAUSS, Nemesia


## Aansoeke ingewag

DIE volgende poste op die redaksie van *Die Matie* is vakant:

Nuusredakteur

Sub-redakteurs
- Sport (2)
- Sosiaal (1)
- Inter-universitêr (1)
- Aktueel (1)

Verslaggewers
- Nuus (3)
- Sosiaal (2)
- Sport (1)
- Kuns (1)

Fotograwe (3)

Aansoeke moet gerig word aan:

Die Voorsitter, Publikasiekomitee, SR-kantoor, LSS, US, en die volgende inligting bevat:

— Volle naam, adres en telefoonnommer;
— Relevante ondervinding (nie 'n vereiste);
— Alternatiewe poste waarin belang sal stel.

Sluitingsdatum: 29 April 1983




# ASB-reaffiliasie bevraagteken oor ver-regse karakter

## Matie-Gesprek

CORINNE OOSTHUIZEN gesels met



KOBUS BOSMAN

MNR. KOBUS du Toit Bosman, SR-lid belas met USKOR en Karnaval glo dat reaffiliasie met die ASB Stellenbosch sal benadeel en dat dit die hervormingsbeleid van die Regering sal skade aandoen. Hy lug ook hier sy menings oor *Die Matie,* die monstervergadering en oor die leierskapstelsel op Stellenbosch.

**Dink jy dat Stellenbosch by die ASB moet reaffilieer?**

Ek bevraagteken die sinvolheid daarvan.

**Waarom?**

Die boodskap wat van US-leiers uitgaan, word in die gemeenskap baie wyd raakgesien. As die Stellenbosse SR sou affilieer by die ASB — wat na my mening 'n ver-regse karakter het — sou ons tot 'n mate 'n verleentheid vir die Regering wees. Daar is reeds soveel vraagtekens van regs en links oor die hervormingsplanne van die Regering, dat dit 'n fout sou wees om in die SA-gemeenskap die boodskap in te stuur dat die US op pad terug is na die laer.

Reaffiliasie sal Stellenbosch ook ontneem van sy bewegingsvryheid, inisiatief en toegang by belangrike groepe vir wie dit 'n sensitiewe saak is.

**Wat dink jy van die argument wat wyd gebruik word dat US die ASB moet gaan verander?**

Ek het begrip daarvoor, maar ons kan nie daardie invloed gaan uitoefen ten koste van onsself en ons rol as leidende Afrikaanse universiteit nie.

**Jy sou op 'n SAAK-vergadering teen André Burtlett praat oor reaffiliasie by die ASB. Waarom het jy op die laaste nippertjie onttrek?**

Die verslag van die SP se kommissie van ondersoek was nog nie voorgelê nie. Ek is lid van die SP en het gebonde gevoel aan die kode wat ek graag wou handhaaf. Deur deel te neem, sou ek die verslag in 'n mate vooruit loop.

**Waarom is jy dan nou bereid om standpunt in te neem?**

Ek voel dat die kode reeds verbreek is deur sommige van ons leiers en meer spesifiek sommige kommissielede bv. op die SR-toer en toe die ASB-hoofbestuur hier was.

**Die kritiek is al dikwels gehoor dat die besware wat daar is teen standpuntinname net daar is omdat die SR geen stemme teen reaffiliasie wil laat opgaan nie. Stem jy hiermee saam?**

Ja, miskien wel.

**Dien die verslag wat opgestel is oor reaffiliasie enige doel as daar reeds soveel standpuntinname is?**

Ja, ek dink dit is 'n geldige argument en die objektiwiteit van die verslag is sterk onder verdenking.

**Moet die kwessie deur middel van referendum of deur die SP besluit word?**

Referendum. Daar moet definitief op breë studentevlak daaroor besluit word. Daar moet wel op SP-vlak daaroor debatteer word, maar ek sal my nie kan vereenselwig met standpunte wat net deur die SP en SR geneem is nie.

Ons, die SR en SP, bevind ons nou in 'n moeilike posisie as gevolg van al die vraagtekens wat ontstaan het na die monstervergadering oor *Die Matie.*

**Stem jy saam met die wyse waarop die SR die primkomitee se klagtes oor *Die Matie* hanteer het?**

Ek was van die begin af gekant teen die dramatisering van die saak. Ek het geweet dat só 'n hantering van die saak groot verleentheid kan skep vir die SR en die Universiteit. Dit het ook uitgekom op die SR-toer. Senior mense, veral persmanne het kritiek en skeptisisme uitgespreek oor die manier waarop die saak hanteer is.

Die SR het eintlik te staan gekom teen 'n semi-ultimatum van die primkomitee se kant af. Die feit dat een van die SR-lede ook 'n prim is, het die objektiwiteit van die SR geaffekteer.

**Impliseer jy dat die primkomitee 'n soort drukgroep vorm?**

Ja, ek dink so. Die prim-komitee speel 'n ander rol wa wat vir hom gedefinieer is deur Gert Barnard in die vorige Matie. Alhoewel sekere prims hulle na die tyd teen die sg. eenparigheid van die mosie teen *Die Matie* uitgespreek het, lyk dit vir my of die karakter van die prim-komitee besig is om in die rigting van 'n drukgroep te beweeg.

**Hoe interpreteer jy wat gebeur het op die monstervergadering?**

Die situasie het hom geleen tot 'n politisering tussen die verskillende belangegroepe op die kampus. Die mense wat die aanval op *Die Matie* gedoen het, was nie goed genoeg voorberei nie. *Die Matie* was wel. (*Die Matie* het hul saak baie goed voorgedoen en die belangrikste is die les dat 'n mens voorsiening moet maak vir iets wat teen jou verwagting in kan gebeur.) Nog 'n moontlikheid is dat die saak 'n gelokaliseerde probleem vanuit die SR of primkomitee was en nie meriete gedra het onder die breë studentemassa nie.

Die monstervergadering was ook 'n oorwinning vir persvryheid, wat nie noodwendig 'n onbeperkte vryheid impliseer nie. Die universiteit het 'n sekere karakter wat nie sonder rede afgebreek moet word nie.

**Jy het op die SR-vergadering teen die mosie waardeur 'n monstervergadering belê is, gestem. Waarom?**

Ek het gevoel dat die kanse baie goed was dat die situasie in ons gesigte kan ontplof.

**Waarom het jy op die monstervergadering téén die mosie vir reglementêre beperkinge teen *Die Matie,* gestem?**

Die SR moet voor die aanstelling van 'n Matie-redakteur homself deeglik vergewis van die persoon se meriete. Verskille tussen die SR en *Die Matie* moet nie in die openbaar beslis word nie. Die SR het ook, deur met dié saak waaroor daar konsensus is, na die studente te gaan, hul eie mandaat bevraagteken. Ek kan dit daarom nie steun nie. Ek voel dat die SR nie hul verantwoordelikheid aanvaar het nie.

Dit is na my oordeel ook ongesond om 'n koerantredakteur *per se* vas te vat as dit gaan om sake wat nie so kontensieus is nie. *Die Matie* was nie vir die universiteit 'n verleentheid nie, en slegs dit sou regverdiging vir so 'n maatreël wees.

**Ondervind jy self enige probleme met *Die Matie?***

Ja wel, bv. kritiek moenie gegee word net om af te breek nie. My eie portefeulje, bv. Karnaval en sekere ander belangrike sake het wel baie goeie dekking gekry. Dit is moeilik om 'n kriptiese antwoord te gee, want dit het te moeilik en te wydlopend geword en ook té emosioneel.

**Dink jy ons leierskapstelsel is verteenwoordigend? Waarom het jy gevra dat die hele studente-unie vir die SR moet kan stem?**

Ter wille van die betrokkenheid en belangstelling van die studente-unie.

Ek dink die stelsel is wel verteenwoordigend solank SP-lede wel hulle kant bring. Ek dink ook dat die prims ex officio-sitting op die SP moet hê. Vir 'n prim om hom in isolasie te moet uitspreek oor studentepolitiek, is baie gevaarlik.

**"Competence is not determined by sex. Discrimination against female teachers is a frightful shame. Unfortunately this is just another reflection on our society."**
— Ms Sonja Badenhorst, Damesbelange-komitee.

# Discrimination in salaries against women discussed

THE question of discrimination against female teachers as far as their salaries are concerned was the topic of a meeting arranged by the 'Damesbelange'. Mr J. Botha, secretary of the 'Suid-Afrikaanse Onderwysunie', was the speaker at this meeting, held on Thursday 14 April.

He began by pointing out the positive aspects of his viewpoint, namely that women represent sixty percent of the teaching working force and that statistics indicate that female teachers live longer than their male colleagues. He congratulated Stellenbosch on being the first university in the Cape to have an organisation for the rights of women.



MNR. J. BOTHA

According to Mr Botha there are certain criteria to which every teacher should conform. Firstly a potential teacher must satisfy various requirements before being permitted to study and must possess minimum qualifications to practice his/her profession. Teachers are required to register with the South African Teaching Council.

### Prove

They must prove their capacity to fill a permanent post and must maintain high professional standards. He said that there should be no reason to discriminate against a teacher who fulfils the above criteria.

He claims that on the basis of salary there should be no differentiation between male and female. However the experience of the SAOU has been that in a professional context women are not as effective as men. Furthermore it advocates that women do not make use of opportunities to improve their situation. For example, during a recent congress consisting of 200 people, only 45 were women. For the past seven years there have been no female representatives in the head management.

### Rights

Mr Botha feels that the argument concerning the rights of married women teachers tends to become emotional and subjective.

Two of the most obvious discriminations against this group are, firstly, that a woman loses her housing subsidy when she marries and secondly, that although a married woman may apply for a study leave, she may not receive a bursary.

Some of the reasons for discrimination are historical, as women have traditionally been considered subordinate for centuries. They are supposedly bound by family duties and are thought incapable of carrying out extramural tasks such as driving the school bus. A woman might have to abandon her post due to her husband being transferred or taking long leave. Pregnancy could also cause her to resign.

**"Women can only improve their situation by ensuring their solidarity."**

### Complaints

Married women complain that their positions are threatened by inexperienced teachers fresh from university. Young, single teachers respond by arguing that if older teachers are given permanent posts, they will not obtain work.

### Males

Mr Botha concentrated on the predicament of married and unmarried females




in the profession and did not mention the different positions of male and female teachers. A member of the audience pointed out that marriage status does not effect the treatment of male teachers.

The only way in which women can improve the situation is to ensure their solidarity, and more effective representation on the governing bodies of the education system.




EDUCATIONAL students on their way to exploitation?

*STUDENTERAAD:*

# Leiers uit die Noorde besoek Stellenbosch

DIE studenterade van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Universiteit van Potchefstroom het verlede week 'n eendaagse besoek aan Stellenbosch afgelê, waar hulle deur Stellenbosche Studenteraad ontvang is. Die besoeke het albei deel uitgemaak van hulle onderskeie jaarlikse skakeltoere na die suide.

Die Potchefstroomse studenteraad is deur die Studenteraad van Stellenbosch in die Rektor se Blou kamer onthaal. Die Puk se studenteraadslid belas met Openbare Betrekkinge, mnr. Thinus du Plessis, het aan *Die Matie* gesê dat hulle nie altyd die sogenaamde "verligte" beeld wat Stellenbosch se studente in Transvaal het, as die werklikheid kan aanvaar nie. Hy het die hoop uitgespreek dat daar meer skakeling tussen die noorde en die suide sal plaasvind.

### Leemte

Volgens mnr. Du Plessis kan die ASB 'n belangrike rol speel om beter kontak te bewerk. Tydens die ASB-kongresse is daar 'n leemte weens Stellenbosch se afwesigheid. Hy sou graag wou sien dat indien Stellenbosch nie reaffilieer nie, daar tog meer verteenwoordigers gestuur sal word. Deurdat die menings van al die Afrikaanse studente gehoor word, kan eensydigheid bekamp word.

### Inbreuk

Op 'n vraag oor die posisie van Potchefstroom se studentekoerant het mnr. Du Plessis geantwoord dat die SR so min as moontlik inbreuk op die soewereiniteit van *Die Wapad* maak. Die hoofredakteur het volle verantwoordelikheid en moet self rekenskap gee, indien nodig.

Tydens die Kovsie-studenteraad se besoek is 'n bespreking rondom die toekoms van Afrikaanse universiteite gehou.

Na afloop van die bespreking is 'n aantal konsensuspunte geformuleer, onder andere dat die universiteit se belangrikste funksie akademies van aard is. 'n Universiteit moet voldoen aan die behoeftes van die gemeenskap waaruit hy ontstaan het deur 'n kulturele oordragsfunksie te vervul.

Wat die bepaling van 'n toelatingsbeleid betref, is ooreengekom dat daar nie meer plek is vir eksklusiewe blanke Afrikaanse universiteite nie. Daar is wel bestaansruimte vir oorwegend eie universiteite met universiteitsowerhede wat die vryheid behou om die unieke karakter van die universiteit te behou. Daarom moet daar meer in die rigting van outonomiteit van universiteite beweeg word.



LEDE van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se SR tydens die vergadering met hul Stellenbosse eweknie.

# Die gees van Karnaval



EEN van die foto's wat 'n troosprys gekry het in die Karnavalkomitee se kompetisie vir Karnavalfoto's, met die tema *Die gees van Karnaval.* Dit is geneem deur mnr. André Stemmet. Die Uitvoerende Karnavalkomitee saam met die borge van die kompetisie het mnr. J. Louw as wenner aangewys, en hy het 'n kis wyn as eerste prys ontvang. Fotofast het die ses troospryse, bestaande uit kleurfilms, geborg. Dit is toegeken aan mnre. André Stemmet (2), O. Strydom (2), S. le Roux en E. van der Merwe. Die wenners moet hulle pryse Donderdag om 15h00 in die Karnavalkantoor gaan afhaal. Al die foto's sal in die volgende paar weke in Neelsie uitgestal word.

# Staande horlosies in die B.J. Vorster verwar tydloses

DIE toestand van B.J. Vorster waaroor daar in *Die Matie* van 18 Maart berig gedoen is, is steeds onveranderd. Die grootste probleem is dat alle klasse in die B.J. Vorster-gebou volgens die horlosies onderskeidelik 06h55 en 08h21 begin én eindig. Nogtans duur die gemiddelde klas nou baie langer, want geen sielsverligtende, skreiende geluid kondig die begin óf einde aan nie. En lektore blyk ook almal tydloos te wees.

In hierdie verwarring moes *Die Matie* vra of dit nie tyd geword het om ondersoek in te stel nie

### Sleutel weg

Die gevolg was meer verwarrend as die situasie self. Die bodes sê *vra vir die dekaan se sekretaresse,* sy sê *vra vir Instandhouding* en hulle sê *vra vir die vise-rektor.* Volgens van die bodes het 'n belangrike sleutel verdwyn. Die sekretaresse was nie ten volle bewus van die situasie nie en Instandhouding is op soek na 'n spesifieke onderdeel van die meesterhorlosie wat uitgebrand het. Die onderdeel is op die oomblik nie beskikbaar nie. Instandhouding wou geen verdere kommentaar lewer nie, omdat hulle nie met die pers mag praat nie. Die vise-rektor was ongelukkig nie beskikbaar nie, weens 'n baie druk program.

### Meester

Die klokke wat die begin en einde van periode aandui is geskakel aan en word gereguleer deur die meesterhorlosie wat buite werking is.

# perspektiewe en dinge



EENDAG lank, lank gelede was daar 'n gawe ou man met 'n klomp pragtige idees oor die verdrukte werkersklas, die geestelik bankrotte bourgeoisie en die verfoeilike rykaards. Sy naam, seuns en dogters, was Oom Karl Marx. Oom Karl was 'n grote gees, hoewel sy teorieë nie in die praktyk heeltemal so nice was soos op papier nie.

Hierdie ou man se idees het baie mense beïnvloed. Mense soos Josef Stalin en Mao Tse-Toeng en Vanessa Redgrave. (Nee, dit dit het mense soos Harry Oppenheimer nie eintlik baie beïnvloed nie.)

Sy idees het tot groot gebeure gelei, soos bv. die Chinese Kulturele Revolusie en elke psigopaat se gunsteling, die Hongaarse inval van 1956. Allerlei nifty konsepte soos Ewige Rewolusie en New Left en Totale Aanslag het hul ontstaan te danke aan die arme ou patriarg se idees. Vandag, liewe maatjies, lê die denker glo in sy graf, en terwyl hy met verbysterende snelheid om en om tol, sing hy in 'n bulderende stem: "Look what they've done to my song, Ma!"


In die tagtiger-jare is die arme man meer gewild as ooit, en as julle nie weet watter tragiese gevolge populariteit kan hê nie moet hulle Juluka se nuutste langspeler gaan luister. Oom Karl is deesdae so chic in sy New Wave badge. Sy woorde (wat deur verstommend min van sy hedendaagse aanhangers gelees is) het die inspirasie van 'n hele geslag verveelde rykmanskinders geword. Die slag-

**louis de villiers**

kreet synde: "Ná die revolusie sal almal Pierre Cardin dra." Die mees ironiese van alles is dat in Bishop's Court en Waterkloof gewis tien maal meer "Marxiste" as in Woodstock en Danville is.

Hoekom die uwe, wat nog nooit bekend was vir sy liefde vir Marx nie, nou ewe skielik 'n honderd jaar na die oukêrel se dood so woes galbraak, mag dalk onduidelik wees. Dit alles hang egter saam met die verskynsel van "humanistiese" studente wat Crossroads-plakkers gaan aangaap asof hulle 'n trop diere in die Kruger-wildtuin is. Dit hang saam met ateïste wat in die St. George-katedraal vir genoemde plakkers gaan bid.

Dit hang saam met 'n Engelse pers wat plastiekliefde uitblaas oor al wat anderskleurige is, en paternalisme oor al wat kritiese Afrikaner is. Wat verwag hulle moet ons sê? Thank you, Bwana? Dit alles geskied in 'n land waar die amptelike opposisie 'n verkiesing veg met argumente soos: "Apartheid is DUUUUUR!" I say, chaps, I always thought human rights were the issue.



Miskien is dit hoog tyd dat die ou gesegde: "The show must go on" ophou geld vir die Great Radical Soap Opera. Miskien is dit tyd dat lg. groep die woorde van Roman Nose & the Dog Soldiers aanhoor: So that's where you're wrong, you poor amateur radical/It's gonna be tough just to make this world liveable/To make it a heaven is bloody impossible.





# A Question of Balance




How should we feel?
We're so unreal,
So at the top of the wheel —
You're the sucker who fell for the spiel
You're the crawler who fell for the deal.

**Hazel O'Connor**

# Alfa en Oméga...



**Ek kan voor die Here bly wandel in die land van die lewendes. Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my en toe ek in my vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staat maak nie.**

**Psalm 116**

# "Grondwet bring verwydering"

'n VERWYDERING tussen die Studenteparlement, Studenteraad en die studente-unies is 'n voldonge feit volgens verskeie lede van die Studenteparlement.

Hierdie menings is uitgespreek tydens die bespreking van 'n mosie oor die aanbevelings van die Grondwet-en-reglementekomitee ten opsigte van die SR-verkiesing op Dinsdagaand se vergadering van die SP.

Die deel van die mosie, wat die studente-unie se moontlike herdeelname aan die SR-verkiesing verwerp, is deur die SP verwerp. Baie lede het gevoel dat hulle moet probeer om apatie jeens die SR teen te werk deur die studente weer direk by die SR-verkiesing te betrek. Mnr. Braam Hanekom sê die vraag bestaan nog die heeltyd by hom as SR-lid: "Is ek verteenwoordigend van die studente-unie?"

Mnr. Kobus du Toit Bosman het sy renons in sy klerk-hoedanigheid as SR-lid gelug: "Die SR moet standpunt inneem namens die studente-unie of glad nie." Ook me. Helene Lourens het gevoel dat die SP die SR vervang het as beleidmakende liggaam.

'n Mosie oor die Wysigingswetsontwerp op Universiteite was ook ter tafel. Mnr. Herman Marais sê hy is bly oor die afskaffing van die kwetsende permitstelsel. Die wetsontwerp is egter geen finale oplossing nie. "Ekonomiese vooruitgang is belangrik in Suid-Afrika en hoë mannekrag is in aanvraag."

Mnr. Werner Obermeier het gewaarsku teen opposisievorming teen die regering. Mnr. André Stemmet het gereageer dat hy nie glo dat die Universiteit dit ooit in daardie posisie sal verkeer nie. Mnr. Verwoerd het gesê dat dit goed is dat 'n universiteit hom nie verbind met 'n spesifieke politieke party nie.

Mnr. Marais het homself gedistansieer van die negatiewe protesaksie wat vanaf sekere Engelse universiteite uitgegaan het.

**Uit die SR en SP**

Mnr. Hendrik Verwoerd het gesê dat die rede vir apatie onder studente deel is van 'n moderne tendens van belangeloosheid wat reg oor die wêreld posgevat het. Die SR en die SP vervul hulle rol op gebrekkige wyse. Die SP is nog besig om vir homself in 'n rol te definieër. "Die SP het nog nie gearriveer nie."

Verskeie lede het daarop gewys dat die Monstervergadering *Die Matie* verwerp is, die SP en die SR in 'n baie swak lig gestel het. Me. Lourens het gesê dat die oorlog teen *Die Matie* ontaard het in 'n oorlog teen die SR en die SP. 'n Mosie van ondersoek na die grondwet oor monstervergaderings en die status van SR en SP in dié verband is ook aanvaar.

Die vergadering het die vraagstuk oor die status van die leiersliggame weer belig. Die SR, SP en die primkomitee is almal leiersliggame. Die vraag bly: Wie gaan koning kraai?

Die SP het ook mosies aanvaar dat die Studente- en Akademiese Belangekomitees ondersoek instel na die toekenning van Universiteitshuise en dat 'n bemarkingskomitee vir die SP aangestel word.

'n Mosie wat gelui het dat die SP die komitee vir Studentebelange opdrag gee om ondersoek in te stel na die Matiekleure-eksamen is aanvaar.

Koshuisbesoek van mans en dames oor-en-weer op Sondae het vir 'n ligter luim op die vergadering gesorg. Veral mnr. Chris Jones het sy goedkeuring met spontane applous getoon. Mnr. Nic Myburgh wou weet of die sedebewaarders dit nie as Sabbatsontheiliging sal beskou nie. Die mosie is natuurlik aanvaar.



WERKERS van die Leyland-fabriek in Blackheath staan in die son tydens 'n staking om hoër lone in 1981. Baie van hulle is toe afgedank vanweë die "onwettigheid" van die staking. [foto: The Argus]

# *SAAK-kongres oor vakbonde belowend*

'n KONGRES oor *Vakbonde en Verandering in Suid-Afrika* word volgende week op 26 en 27 April gehou. Dit word aangebied deur SAAK, die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring.

Verskeie probleempunte binne die vakbondwese sal aangeraak word. Van die vrae onder bespreking sluit in: Waarvoor werk vakbonde? Vir beter werksomstandighede, verbeterde lewensstandaard of die einde van apartheid en die vryemarkstelsel? Verder word gevra of die Nywerheidsraadstelsel die effektiwiteit van gesamentlike bedinging aan bande lê of verhoog.

## Gesaghebbendes

'n Veertiental gesaghebbendes oor die onderwys, uit die sfere van die vakbondwese self, die besigheidswêreld, die akademie en die staat, sal as sprekers optree.

Dit sluit in die voormalige direkteur-generaal van Mannekrag, mnr. Jaap Cilliers, mnr. Robert Godsell van die Federale Kamer van Nywerhede, vakbondleiers soos mnr. Ike van der Watt van die Ketelmakersvereniging en me. Jane Hlongwane van die Staalingenieurswese en Verwante Werkersunie en mnr. Loots Douwes-Dekker van die Nagraadse Bestuurskool van Wits.

Volgens die voorsitter van SAAK, me. Micheline Tusenius, word indringende bespreking verwag. SAAK het volgens haar dié onderwerp aangepak omdat vakbonde 'n definitiewe en deurslaggewende rol in die toekoms van Suid-Afrika gaan speel. Daar is projeksies dat vakbonde in 'n groot mate 'n agent vir betekenisvolle verandering sal wees. "Ons hoop om deur die kongres 'n sensitiwiteit te skep vir die problematiek van vakbonde en die rol wat hulle kan en sal speel in verandering in Suid-Afrika."

## Leiers

Die vereniging het in die organisering van die kongres probeer om so veel as moontlik vakbondleiers te betrek. Daar is ook probeer om al die verskillende benaderings en nuanses so by die kongres teenwoordig te hê. Sommige vakbondleiers was gretig om aan die kongres deel te neem. Baie ander kon nie hulle weg daartoe oopsien nie, en redes vir die afwys van uitnodigings het ingesluit "die werkers wat ek verteenwoordig sal nie direk baat by my deelname nie", "ons praat nie met sprekers wat nie in veelrassigheid glo nie" en "ons is nie bereid om saam met die regering op een verhoog te praat nie." Al die vakbondleiers wat genader is, het egter gevoel dat die kongres 'n belangrike en betekenisvolle inisiatief is.

## Akademici

SAAK het dit ook ten doel gehad om mense wat andersins betrokke is by die Suid-Afrikaanse vakbondwese, soos akademici wat 'n voorkeur het vir sekere vakbonde of federasies, te nooi. Daarom is daar verskeie sprekers by die kongres wat tot laasgenoemde kategorie behoort. Volgens me. Tusenius is die huidige samestelling van sprekers ideologies verteenwoordigend, en mag die debat selfs makliker vlot omdat sekere beperkinge wat daar op vakbondleiers is afwesig is.

# Politiek en Kroniek van G.A. Thoonissen

**(HIERDIE IS 'N SIMBOLIESE ANEKDOTE WAT GEEN VERBAND HET MET ENIGE FEITELIKHEID NIE. DAAROM IS ENIGE OOREENKOMS MET ENIGE LEWENDE PERSOON, BLOOT MOEDSWILLIG)**

**Toe Filos Frisou die Voorstel maak en Frisco Besmeerden op sy gewone, luidrugtige manier instem, toe weet Gotlieb Antonie Thoonissen dat daar 'n Ding kom wat maar kon gebly het. Maar met ligte tred is die Sanctum Retoricum na Nuweland, Gotlieb-onoortuig-agterna.**

**Die bôls-up het eintlik gekom omdat 'n beduidende aantal van die Lede van Regs ook agternagelam het. En soos dit maar gebeur, kom die hele ou spul toe te sit agter 'n ry skoolkinders. Van Athlone High.**

**Terstond besluit die Lede van Regs se segsman nottendêm, en met sy hand op sy hart,voete agttien duim uit mekaar, begin hy 'n uitvoerige rede voer oor Identiteit en Volkseie, met gepaste aanhalings uit: Agter in die Wapad flonker 'n Tonteldoos*. En hy begin reg voor, d.w.s. by die Toringvanbabel. Toe hy by 1652 kom, is sy keel —vanselfsprekend — al hees en een van sy veldkornette gee hom 'n sluk. Verfris gaan hy voort maat by die Franse Hugenote krap sy keel en hy kry nog 'n sluk. By die tweede Britse oorname maak y toe maar die ou kannetjie leeg.**

**Toe hy die Piet Retief-ekspedisie. Die Groot Vrek noem, dog almal dis 'n glips en toe die 1899-1902 oorlog Die Moerse Oorlog word, het party selfs gelag. Maar niemand het dit snaaks gevind toe hy gedetailleerd vertel hoe Hitler die Jode laat sokkie het op 'n myneld nie.**

**Dit was seker maar 'n bestiering dat hy die skugter plukkie aan sy mou gevoel het. Een van die skoolkinders het hom daarop gewys dat 'n Tukkie oppad doellyn toe is. Net daar sit hy toe die stuk in en hy hol.. Af met die trappies, bo-oor die reling. Knap duskant die doellyn haal hy die Tukkie in en duik hom op die hoekvlag uit. Met dié vlieg sy blou I.D.-boekie met 'n boog uit sy baadjiesak, om fladderend deur die kalkstreep te ploeg en net daar te bly lê.**

**In sy swye het G.A. Thoonissen daar en dan besluit: sou hy ooit 'n storie ko skryf oor hierdie grou Saterdag, sou hy dit noem: Die Dag toe 'n Groot Wit Afrikaner sy Identiteit voor Nuweland se suid pawiljoen verloor het. En hy het hom verkneukel in sy eie, klein onnutsigheid.**

**(Die GOMLASTIEKGOGGA had sy intervarsity van onder 'n duvet beleef. Want die Kaap was nat, en hy het maar sy eie sondige verlange na 'n warm lyfie, in die alleenheid, knus gekoester.)**

**Deur Oom Lokomotief. Prys: Dertig Silwerstukke (SPT-uitgewes).**

**Barend Vos**

## *UITDAGINGS EN VOORUITSIGTE:*

# Vakbonde se rol word steeds sterker

DIE besluit van SAAK om hulle kongres vanjaar aan die onderwerp *Vakbonde en Arbeidsvraagstukke* te wy kom op 'n baie gepaste tyd. Die vloeibaarheid en dinamika van die arbeidstoneel is onlangs weer eens onderstreep deur die Eenheidskonferensie wat deur die sogenaamde "onafhanklike" vakbonde oor die naweek 9 tot 10 April gereël is.

Tydens hiedie konferensie het die meerderheid van die "onafhanklikes" (die Federation of South African Trade Unions, General Workers Union, die twee Food and Canning Workers Unions, die S.A. Allied Workers Union en 'n paar andere) ooreengekom om 'n ondersoek in te stel na die lewensvatbaarheid van 'n oorkoepelende federasie van hierdie vakbonde.

**Sou hierdie stap 'n werklikheid word, bestaan daar die vooruitsig van 'n arbeidsorganisasie wat die arbeidstoneel binne die voorsienbare toekoms kan oorheers. Die "onafhanklikes" verteenwoordig veral die groeiende krag van die land se swart werkers wat meer as 70% van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag uitmaak. Daarby het hulle betekenisvolle "Kleurling" en Indiër ondersteuning.**

Tot onlangs, as gevolg van die nie-erkenning van swart vakbondleierskap vir swartes, te staatsbeleid van onderdrukking van effektiewe vakbondleierskap vir swartes, is hierdie werkers minimaal georganiseer. Sedert die deurvoering van die aanbevelings van die Wiehahn-verslag in 1979 is die prentjie egter vinnig besig om te verander. Die erkenning van volle vakbondregte aan swart werkers wat daardie aanbevelings meegebring het, het die reeds bestaande impetus tot die samesnoering van swart werkerskrag heelwat versterk.

MENINGS-AKTUEEL

**MNR. JEFF LEVER, 'n Sosiologie-dosent by die Universiteit van Kaapstad, het hierdie artikel geskryf. Hy is een van die sprekers by die komende SAAK-kongres.**

Vandag word dit geskat dat die "onafhanklikes" oor die 2 000 000 lede het — swart, bruin en Indiër. Hulle groeipotensiaal is op die oog af onbeperk. Die moontlikheid dat die voorgestelde vakbondfederasie die grootste werkersorganisasie in die Suid-Afrikaanse arbeidsgeskiedenis kan word, is voor-die-hand-liggend.

## VAKSA

Op die oomblik is dit nie die "onafhanklikes" nie maar die Vakbondraad van Suid-Afrika (VAKSA) wat aanspraak kan maak op die grootste ledetal onder sy geaffilieerde vakbonde. Om en by 370 000 werkers is lede van die VAKSA-vakbonde — omtrent die helfte "Kleurling" en Indiër, en 'n kwart onderskeidelik wit en swart.

## Middelgrond

Op die oog af het dit nog nooit so goed as nou met VAKSA gegaan nie. In onguns in regeringskringe tydens die Sestigerjare weens die verwerping van rasseskeiding in vakbonde en van werkreservering op grond van ras, het VAKSA nou die middelgrond ingeneem tussen die onafhanklikes na links en die suiwer blanke Konfederasie van Arbeid na regs. VAKSA-segspersone het 'n belangrike rol gespeel in die herformulering van regeringsbeleid ten opsigte van arbeid. Hulle dien in die hoogste adviserende liggame, en een van hulle oud-Presidente, mnr. Ronnie Webb, is 'n lid van die Presidentsraad. Tydens hulle jaarlikse kongres verlede jaar in Soutrivier het die meerderheid afgevaardigdes mosies afgestem wat veiligheidswette skerp wou veroordeel en wat van 16 Junie 'n openbare vakansiedag wou maak.

## Realisties

Die dominante kern van VAKSA word uitgemaak deur ou gevestigde vakbonde van wit en bruin werkers — vakbonde soos die Tipografiese Unie, die Ketelmakers, die Klerewerkers, die Bankamptenare en vele ander. Die leierskap van VAKSA beskou hulself as gematigd en realisties. Hulle is gewoond aan die stelsel van nywerheidsrade waar hulle "verantwoordelik" met werkers kan onderhandel. Van stakings wil hulle min weet, van 'n politieke inslag, niks. Dit is juis hierdie relatiewe aanvaarding van die huidige opset wat hulle van die leierskap van die "onafhanklikes" skei. Hulle is boonop gewikkel in 'n heftige stryd met laasgenoemde oor die werwing van die swart werkende massas.

Van die eens magtige Konfederasie van Arbeid, wat openlik as die stem van die wit werker opgetree het, word daar vandag min in die openbaar gehoor. Die omwenteling in regeringsbeleid het verwarring onder die lede van die Konfederasie geskep. Aanhangers, meestal van die klassieke droombeeld van groot Apartheid, het verskuif na 'n versigtige reaksionêre groep by wie 'n positiewe beleid ontbreek. (Hulle besit nog die slaankrag van wat die SA Mynwerkersunie, 'n Konfederasie-affiliaat, voormalige Ministers van Arbeid laat bewe het.) Hulle verteenwoordig 'n drukgroep (en heelwat kiesers) waaraan die regering aandag moet skenk. Maar hulle bloeityd is verby. Die wit hande-arbeider is 'n kwynende minderheid. Die huidige regering is meer ingestel op die probleme van groot besighede om produksie vlot en winsgewend te laat verloop as die vrese van die wit werkers.

Die pad vorentoe vir al die verskeie groeperinge van die verdeelde arbeidsbeweging is nie 'n maklike een nie. Die Konfederasie moet vroeër of later die werklikhede van 'n geïntegreerde ekonomie in die gesig staar en hulle lede daarvolgens probeer lei. Vir VAKSA bestaan daar die gevaar dat hul *middel-of-the-road* benadering hul bruin, Indiër en swart aanhang gaan vervreem. En die onafhanklikes? Hierdie groepering kry op die oomblik die swaarste.

## Afdankings

Die resessie het tot grootskaalse afdankings van hul lede gelei. Hulle organisasie sal beproef word deur 'n tydperk waarin werkgewers minder toegewings as in 1979 tot 1982 gaan maak.

Ondervraging, aanhouding en intimidasie van die leierskap van die onafhanklike vakbonde deur die veiligheidsorgane duur voort. Maar op die lange duur is dit onwaarskynlik dat hulle aanspraak op die leierskap van die SA arbeidsmag sal verloor.



TYDENS 'n vergadering van stakende vleiswerkers in 1980 word een van die eise gestel: "Erken ons werkerskomitees". So is swartwerkers hulleself al hoe beter aan die organiseer. [foto: The Argus]

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
Andringastraat 13
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk-Wassery

Was O' Maties
Hou Die Matie vir verdere kennisgewing oor ons nuwe Selfdien Muntstukwassery dop.
Belangrike bekendmaking: Die On The Spot Droogskoonmakers het na Andringastraat 13 verhuis.

*UNIVERSITEITE:*

# Subsidies kan dalk verander

'n NUWE finansiële bedeling vir universiteite is deur die regering voorgestel. Volgens die nuwe formule word die helfte van die subsidie bereken op grond van die aantal geregistreerde studente en die ander helfte op die slaagsyfers.

Die staat finansier alle vlakke van die onderwyssektor direk of indirek. In geval van universiteite dra die staat ongeveer 80% van die lopende uitgawes by.

Op die oomblik bedra klasgelde 20% van die totale inkomste van die universiteit. Die huidige subsidieformule maak nie voorsiening vir vervanging van geboue en apparaat nie. Dit word tans deur middel van lenings deur die staat op 'n ad hoc-basis gefinansier.

Die Departement van Nasionale Opvoeding het nou 'n nuwe formule opgestel. Die formule is gebaseer op die Suid-Afrikaanse Naskoolse Onderrig-inligtingstelsel. Daarvolgens word die totale aktiwiteite van die universiteite geklassifiseer.

Volgens die huidige formule word 'n student gesubsidieer solank hy geregistreer is, met 'n maksimum aantal jare per kursus. Vir 'n driejarige kursus is 'n student vir 'n maksimum van vyf jaar gesubsidieer.


Die nuwe formule maak voorsiening vir die vervanging van meubels, apparaat en die herinrigting van geboue; die lenings verval dus. Lenings sal in die toekoms toegestaan word vir die oprigting van nuwe geboue, slegs as dit gebaseer is op, of genoodsaak word deur 'n toename in studentegetalle.

Die universiteit word van 'n sekere bedrag voorsien, al is daar nie studente nie. Die curriculum word ingedeel in Geestes- en Natuurwetenskappe. Laasgenoemde word beter gesubsidieer. Vir toegepaste wetenskappe soos Ingenieurswese, Medies en Tandheelkunde word nie beter voorsien as vir suiwer wetenskappe nie.

Universiteite het kommentaar gelewer en sekere veranderinge voorgestel. Geen finaliteit is nog oor die finale vorm van die formule bereik nie, of wanneer dit in werking gestel sal word nie.

Die Universiteit van Stellenbosch se kommentaar kom op die volgende neer:
1. Dat groter klem op akademiese prestasie gelê moet word;
2. Dat die formule te getalle-afhanklik is. Probleme sal ondervind word wanneer 'n studentegetal stabiliseer of daal, omdat die universiteit se vaste koste 'n groot persentasie van sy uitgawes uitmaak.

In 1981 het die gemiddelde koste per studente R4 040,00 bedra, waarvan studente byna 20% bygedra het.



AKADEMIESE prestasies kan moontlik in die toekoms by die bepaling van Universiteitsubsidies in ag geneem word.

# Wits SR-lede bedank na geldige gerugte

DRIE SR-lede van die Universiteit van Witwatersrand, wat self-erkende liberale studente is, moes bedank omdat hulle geld van die Student Moderate Alliance (SMA) vir hul verkiesingsveldtogte ontvang het.

Verlede jaar het me. Anne du Plessis vir die SR gestaan alhoewel sy slegs sewe maande op die kampus was. Sy het egter belowe om "betrokke te raak en haar energie só te verdeel dat dit alle studente sou bevoordeel."

Kort na die verkiesing het mnr. Russel Crystal, die hoof van die SMA, 'n interdik aangevra teen die studentekoerant, die *Wits Student*. Mnr. Crystal het aan Regter Ben Franklin vertel dat "die koerant dalk artikels kan publiseer wat die SMA se deelname in die verkiesingsveldtog sal kritiseer." Die SMA het geen kandidate vir die SR gehad nie.

Mnr. Crystal het die saak verloor en daarmee saam ook R500.


Twee maande later het dit bekend geword dat me. Du Plessis en die ander twee lede geld van die SMA ontvang het om hulle veldtogte te finansier.

In 'n sewe uur lange SR-vergadering, het hulle erken dat hulle kontak met die SMA gehad het.


Verlede jaar het me. Du Plessis 'n uitnodiging aanvaar om 'n toer na SWA se operasionele gebied te onderneem. Met haar terugkoms het sy verklaar dat die besoek haar sienswyse baie verander het.


Mnr. Lloyd Vogelman, voorsitter van die SR, het gesê dat die lede wat bedank het gestaan het vir 'n beter bedeling, maar in plaas daarvan het hulle die SR in 'n ongunstige lig geplaas. Mnr. Vogelman het hom ook oor die bewering dat hy gevra sou word om as voorsitter te bedank, uitgelaat. Die SR het tot dusver goed saamgewerk, maar daar moes na studente-belange omgesien word en nie na sensasie gesoek word nie.


Hy het gesê dat dit jammer is dat die drie lede op so 'n negatiewe manier die SR verlaat het.



PC – 1500 met CE – 150 kassetkoppelvlak


MZ – 80B micro-rekenaar


PC – 1211 met CE – 122 kassetkoppelvlak


EL – 5100 wetenskaplike rekenaar


EL – 5102 finansiele rekenaar

**Gebruik Sharp logika.**

Gee jou brein meer krag met Sharp se mikro-rekenaar stelsels en wetenskaplike rekenaars. Bv., die MZ80B, 'n gevorderde mikro-rekenaar wat onbeperkte bewerkings en ingewikkelde grafiek patrone bied. PC1500, 'n geniale klein sakrekenaar met uitgebreide geheue en opsionele kleur grafiek drukker/kassetkoppelvlak. PC1211, begrotingsprys sakrekenaar met opsionele drukker/kassetkoppelvlak. EL5100, kragtige wetenskaplike rekenaar. EL5102, gesofistikeerde finansiele rekenaar. Skakel in by Sharp se skeppende tegnologie. Dis die logiese keuse.

*Ondersteun die Sharp Koshuis Liga.*

SHARP Lewenselektronika.

DIMENSIONS 8003


*IKEYS:*

# Raad verbied vergaderings teen admin.

VERGADERINGS wat aanklagte teen die personeellede of administrasie van die Universiteit van Kaapstad raak, is ingevolge 'n nuwe klousule deur die Universiteitsraad verbied.

Mnr. Anton Richman, die voorsitter van die studenteraad van die Universiteit van Kaapstad, het die Universiteitsraad tegemoetgekom. Die SR is egter sterk téén die nuwe reël gekant, omdat hulle voel dat studenteregte daardeur beperk word.

Volgens mnr. Richman is dit die reg van die SR om die studentegevoel te bepaal, besprekings te hou en 'n mandaat vir aksie te verkry.

Hierdie nuwe reël verhoed dit.

Die reël is opgestel na 'n massavergadering deur die SR in samewerking met Edcom (Education Committee) in protes teen die weiering om mnr. Quentin Eichbaum tot 'n Biochemiekursus toe te laat.

Die hoof van die Biochemie-departement, prof. Van Hilt, het nie van mnr. Eichbaum se houding teenoor die wetenskap gehou nie, en ook nie van die toespraak wat hy verlede jaar voor die eerstejaars gelewer het nie. Later het prof. Van Hilt gesê dat die rekenaar 'n fout moes gemaak het.

'n Aantal voorstelle ten opsigte van die totstandkoming van 'n komitee van ondersoek is opgestel. Dit sou die personeel op dieselfde manier dissiplineer as die wyse waarop die universiteitshof studente dissiplineer. Die administrasie het ingestem dat 'n komitee deur die vise-kanselier aangestel mag word, maar dat die vise-kanselier nie gedwing sal word om op die komitee se aanbevelings te reageer nie.

Geen tydsbeperking is gestel nie. Sodoende kon die Administrasie die besluite tot hulle eie voordeel vertraag.

Selfs die vyf studenteverteenwoordigers in die Senaat kan nie veel uitrig nie, aangesien hulle nie die reg het om mosies voor te stel of om te stem nie.

Volgens verklarings deur die SR uitgereik, beskou die SR dit as hulle plig om te alle tye aan die studenteliggaam voorkeur te gee, al sou dit botsings met die regulasies van die universiteit veroorsaak.

# PRAISE FOR MATIE:

# 'Maties are lucky'

**HARRY SCHNEIDER-WATERBERG, Rouallan, writes:**

I would like to present the students of Stellenbosch with a review of the UCT student newspaper, *Varsity*. I do this to show you how thankful you should be of *Die Matie*. Not only does *Die Matie* excel in comparison, but it is also a much more mature campus publication.

Being German and educated at an English private school, I often noticed a patronizing attitude towards the Afrikaner. This attitude seems to prevail in *Varsity*. In the article "Hoe lyk dit daar" by Lang Neus, a very sarcastic article about the Afrikaans student press, it was said that: "It (the Potch SRC) reluctantly agreed to allow Radio Puk to broadcast in English for 5% of the time, bearing in mind that any further concession to the 'Engelse gevaar' could be seriously injurious to the 'plattelandse' mentality of the students." So much for Potch, how much of UCT's student radio time is given to Afrikaans?

### Chile

An article in the sport section tells us all about Chile's political situation since 1970. In passing, it mentions the fact that a Chilean rugby team is touring South Africa.

Two articles about the recent "monstervergadering" were not only incorrect, but also unobjective. The article said that it was a struggle between "oorbeligtes" and "verkramptes". If they had bothered to investigate further, they would have found that some C.P. supporters also voted for *Die Matie*.

Faced with such journalistic incompetence, I want to congratulate the staff of *Die Matie* with the excellence of their publication.

**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.**

**Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou. Briewe wat nie onder 'n skuilnaam geskryf word nie, sal te alle tye voorrang geniet. Enige persoon of instansie wat deur 'n brief geraak word, sal 'n kans kry om te antwoord.**




## BRIEWEBUS

**FT van Dorpstraat:** Geweld moet nie uit verband geruk word nie.
**Silwer Sluiper:** Te uitgesproke.
**B. van H.V. en A.G.:** Briewe laat ontvang. Word oorweeg vir volgende uitgawe.
**D.J. B.:** Adres nie verstrek nie.

# 'Now you don't see it, now you do'

**WESSEL VISSER, De Beerstraat, skryf:**

'n Interessante verskynsel het deur die jare so stil-stil op die kampus posgevat in die vorm van allerhande plakkaatjies en traktaatjies. Die verskeidenheid is nogal groot en dek 'n wye spektrum wat pleidooie tot die studentemassa rig — Gons, herdenking van die dood van Steve Biko, aangehoudenes sonder verhoor, antidoop, ens., ens.

Verder het hierdie "Stellenbosch-Africana" ook baie interessante eienskappe. Eerstens het dit die vermoë om eensklaps, uit die niet, te verskyn. 'n Kwessie van "now you don't see it, now you do!" Ek het 'n vae vermoede dat dit iewers in die vroeë oggendure gebore word, want wanneer die kampus op 'n oggend die slaap uit sy oë vryf, versier hierdie geskrifte reeds die bome, ingangsportale van koshuise en lesingsale, posbusse, kennisgewingborde en drumpels van dosente se kantore en koshuiskamers.

'n Ander kenmerk van die plakkaatjies en traktaatjies is dat dit geen taal of tyding van 'n naam, groep, organisasie, vereniging, sekte, sel, sameswering of wat ook al, het nie — 'n volslae enigma. Dit is juis die dilemma van die toekomstige navorser wat graag 'n studie van hierdie unieke "Africana" sou wou maak — dat hy probleme sal ondervind om sy "navorsing" t.o.v. die konteks te orden.

Andersom gestel, as diegene wat so hartroerend pleidooie op hul pamflette lewer, werklik 'n sterk saak het, dan is daar mos soveel te meer rede om in die openbaar hul saak te stel. As daar bv. so 'n sterk gevoel en steun is dat doop afgeskaf moet word, is daar geen rede voor om anonieme pamflette te versprei "weens vrees vir viktimisasie" nie. Op die kampus is daar oorgenoeg openbare forums waarop 'n standpunt na meriete geoordeel kan word in die vorm van SAAK, *Die Matie*, die SP, ens.

# Studente se kleredrag gekritiseer

**MOOI SO PROFESSOR skryf:**

Ons Rektor moet gelukgewens word met sy jongste uitspraak. Daarmee pak hy gewis die kleredrag-bul by die horings.

Persoonlik voel ek reeds lank dat die wyse waarop ons studente aantrek, 'n gees van onverantwoordelikheid adem. Om dit van dag tot dag te moet aanskou, is soos die spreekwoordelike staalborsel oor die senuwee van sedelikheid.





Die kraag en toe skoen wat die Rektor so moedig bepleit, besorg reeds dekades lank aan die Kweekskool 'n atmosfeer van smaakvolle stemmigheid. Dit is my kontensie dat hierdie soort uitrusting dan ook studente hul met die nodige erns en volwassenheid vir hul nering voorberei.

Dan moet ons dames se kleredrag nie buite rekening gelaat word nie. Die implikasies van soms uitlokkende kleredrag is maar te duidelik in ons skokkende verkragting-syfers.

Sulke nuwe kleredragreëls sal die predikatetrein huistoe ook leeg laat. Suksesvolle akademie en strandsandale het nog nooit langs een vuur gesit nie.

Kom nou, Maties, ondersteun ons Rektor, help hom om weer die goeie tradisies terug te bring, sodat ons weer kan sing: "It's nice to remember, from January to December, you're an M-A-T-I-E"!



"Ek weet nie of dit Robert se akademiese kleredrag is wat hom so frustreer dat hy hom tot die sypaadjies moet wend nie!"

# Sypaadjie-seksisme sorg vir stoornis

**HOMO ERECTUS skryf:**

Graag wil ek advies vra van iemand met 'n redelike kennis van sielkunde (of gedrags waarneming).

### Kompleks

Watter ongelukkige gebeurtenis in 'n mens se jeug veroorsaak 'n kompleks wat hom die drang gee om op 'n sypaadjie te sit en neerhalende aanmerkings teenoor die teenoorgestelde geslag die lug in te stuur?

Dit gee my nou al 'n geruime tyd slapelose nagte en ek weet nie of 'n mens hierdie mense moet help en of 'n mens hulle net moet jammer kry nie. Die mense waarvan ek praat is inwoners van 'n manskoshuis langs Sonop in Victoriastraat. Ek hoor hulle het aansoek gedoen dat die sypaadjie se roete só gewysig word dat dit deur die koshuis loop, sodat hulle op hulle beddens kan lê en banaliteite teenoor die vroulike publiek kan kwytraak.

### Skool

'n Vriend wat Stellenbosch besoek het, het my gevra hoekom dié skoolkoshuis dan tussen al die universiteitskoshuise is, en bygevoeg dat waar hy vandaan kom, die skoolkinders darem 'n bietjie meer volwasse is.; Dis nogal jammer dat 'n mens altyd so 'n paar minder volwasse gevalle het wat 'n koshuis (en 'n universiteit) se naam skade aandoen.

### Oplossing

As iemand dalk 'n oplossing het vir die probleem sal ek dit waardeer as hulle dit aan my sal stuur en sommer 'n afskrif aan die primarius van Majuba kan stuur.

# Kwotas onprakties?

**STEVEN B. ROSENDORFF skryf:**

Na aanleiding van die Wysigingswetsontwerp op Universiteite wat tans voor die parlement dien, net die volgende. Volgens die rektor, prof. de Vries, sal die universiteit nou meer outonoom wees ten opsigte van toelating van nie-blanke studente en skakel dit ook rompslomp uit aangesien daar nou nie meer by die minister aansoek gedoen hoef te word vir permitte vir nie-blanke studente om op Stellenbosch te mag studeer nie.

### Outonoom

Aangesien daar nie meer ministeriële permitte benodig word nie en aangesien die universiteit nou outonoom ten opsigte van nie-blanke studente is volg dit heel logies dat nie-blanke studente dieselfde voorregte sal geniet as hulle blanke mede studente.

### Sokkies

Dit beteken dat nie-blanke studente o.a. sokkies, huisdanse en huisvergaderings sal mag bywoon. Verder behoort die koshuise vir alle rasse oopgestel te wrod. (Dit is immers wat gebeur het in die afgelope Paasvakansie, waar blanke en nie-blanke parapleë in Helshoogte gehuisves is. Hierdie parapleë het deelgeneem aan die SA paraplegiese spele op Coetzenburg.)

### Donateurs

Nou vra ek, hoe versoen 'n mens die feit dat blanke en nie-blanke sportmanne saam in 'n koshuis gehuisves mag word, terwyl slegs blanke studente gedurende die universiteitstermyn inwoners van ons koshuise mag wees. Of gaan ons universiteit se donateurs dalk hulle finansiële steun onttrek as hulle hoor nie-blankes word koshuisinwoners aan die universiteit van Stellenbosch?

# US-apatie bly die ware monster

**R.F. DE KOCK, Andringastraat, skryf:**

Eerstens: baie geluk met die monsteroorwinning. Dit lyk darem of die studenteunie nog waarde heg aan persvryheid — 'n bemoedigende silwer randjie.

Apatie bly egter 'n groot swart wolk.

Ek het die afgelope kwartaal 'n paar dinge waargeneem wat die akademiese integriteit van US in 'n bedenklike lig stel. (Eintlik lyk die situasie maar baie donker).

Oor doop wil ek niks skryf nie — genoeg is al gesê. Ons sal maar moet wag en sien of iets gedoen gaan word.

Volgens regulasies mag eerstejaarstudente in dameskoshuise net een weeksaand per week ná 8 nm. buite die gebou wees — dan ook net met spesifieke verlof. Die studente moet dus al hulle vergaderings, verenigingsaktiwiteite ens. in een aand indruk. Die persoon wat verlof gee, gewoonlik die primaria, het dus die mag om te besluit waarby die student betrokke mag raak en waarby nie. Die wolk verdonker . . .

In die lig (?) hiervan is dit 'n skreiende inkonsekwentheid dat daar vryelik oor en weer gesokkie word tussen koshuise: na 8 nm. en op weeksaande. Van die reaksie wat ek hierop ontvang het van medestudente blyk dit daar is twee heilige goed op Stellenbosch: koshuisaktiwiteite en sokkie — 'n kombinasie van die twee: onaantasbaar!

# Herstel asb. serenades!

**MATIE-TROEBADOER skryf:**

Sangfees het homself al as 'n luisterryke en hoogs aktuele aspek van die Maties se jaarprogram bewys. Hoewel die meeste manskoshuise (en dameskoshuise in 'n mindere mate) serenade-groepe het, (dink byvoorbeeld aan Dagbreek se Eiffelkoor en Hippokrates se koor) word bitter min gedoen om hierdie aspek van Matie-kultuur te bevorder.

Om 'n klomp romantiese troebadoere laatnag voor jou kamervenster te hoor sing, het seker menige Matienooi se hart al week gemaak. Hierdie Stellenbosse kultuur-erfenis — wat volgens my navrae sommer reeds baie dekades op die Akker gevestig is — sal egter soveel interessanter en meer opwindend gemaak kan word as die onderskeie serenadegroepe jaarliks op 'n kompeterende basis teen mekaar te staan kon kom. Ek wil 'n dringende versoek aan Matieland rig: Hoe lyk dit met 'n Serenade-wedstryd? Ek glo dit sal hierdie stukkie Stellenbosse kultuur die nodige "woema" gee om nog meer van krag tot krag te gaan.

RADIO MATIE WEEK '83




2—7 MEI

Groot pryse, inter-koshuis kompetisies, danse, T-hempies, Meneer Radio Matie, plakkers.

GRATIS GRATIS GRATIS GRATIS

LEKKER KLANKE OP JOU NOMMER EEN KAMPUS RADIO STASIE

# FOKUS OP USKOR



## Ondersoek na deelname geloods

deur **Kobus du Toit Bosman, SR-lid USKOR**

DAAR word jaarliks oneindig baie moeite deur die Stellenbosse studente gedoen om die Karnavalpoging 'n sukses te maak. Die vraag is egter wat van die geld word wat uiteindelik aan USKOR oorbetaal word?

Die aanvanklike ideaal was om deur middel van 'n organisasie soos USKOR aan die studente van Matieland 'n geleentheid te bied om naastediens binne hul studieveld of belangstellingsveld te verrig. Vrae ontstaan nou oor die verwesenliking van hierdie ideaal.

Dit is vrae soos hierdie wat die topstruktuur van USKOR genoodsaak het om 'n ernstige ondersoek te loods na studentebetrokkenheid, en ook die nodige aanpassings te bewerkstellig. Günter Rienhardt het as voorsitter van USKOR die daad by die woord gevoeg. Met behulp van onder andere mnr. G.J. Erasmus van die Nagraadse Bestuurskool (US) het hy 'n reusepoging van stapel gestuur.

Daar is ure lank gedebatteer oor hoe die organisasie nou, na byna tien jaar, daar uit behoort te sien. Op skrif lyk dit asof hierdie "nuwe" USKOR aan die verwagtinge gaan voldoen. USKOR het reeds bewys dat hy 'n onmisbare gemeenskapsdiens lewer wat 'n nuwe dimensie aan baie mense se bestaan verleen het.

Dit is egter belangrik dat die ywer van diegene wat USKOR se belange op die hart dra, opgevolg moet word met aktiewe meelewing deur die studente-unie. Stellenbosch neem rééds die leiding ten opsigte van ander Suid-Afrikaanse kampusse met sy USKOR.

Help ander nou om te leer hoe om hulself te help sodat hulle 'n hoër kwaliteit lewe kan handhaaf. USKOR maak staat op u.

## 'USKOR het gou gegroei'

deur **Günter Rienhardt, Voorsitter: USKOR**

USKOR het in 1964 begin funksioneer toe mediese dienste deur studente in Bellville-Suid gelewer is. In 1970 is GOUS (Gemeenskapsorganisasie van US) op Stellenbosch gestig en is gemeenskapsdienste in die distrik gelewer. In 1973 het GOUS en USKOR saamgesmelt om USKOR-Stellenbosch en USKOR-Tygerberg te word. Toe USKOR in 1974 as welsynsorganisasie geregistreer is, het dit die eerste volwaardige W.O. op 'n Afrikaanse kampus geword.

### Regshulp

Oor die jare het USKOR vinnig gegroei en daar word tans gemeenskaps-, maatskaplike en regshulp in Cloetesville, Scottsdene, Macassar en die plase van die Stellenbosch-distrik gelewer, sowel as mediese en tandheelkundige dienste te Bishop Lavis en Sarepta.



USKOR is tans 'n organisasie met 'n vaste personeel van twaalf, 'n begroting van ± R250 000 (wat grotendeels uit Karnavalfondse en Staatssubsidie bstaan) en honderde studente wat dienste lewer.

Soos bo genoem is daar twee takke van USKOR nl. USKOR-Stellenbosch en USKOR-Tygerberg. Die professionele baan, wat uit maatskaplike werkers bestaan, is geköppel aan USKOR-Stellenbosch.

USKOR se aktiwiteite word beheer deur 'n Direksie. (Sien skema vir samestelling.) Dit word grondwetlik bepaal dat 'n student die voorsitter van die Direksie (en dus ook van USKOR) moet wees en dat 'n meerderheid stemgeregtige studente op die Direksie sitting moet hê.

### Struktuur

'n Subkomitee het onlangs die struktuur van USKOR ondersoek en sekere aanbevelings gemaak. Veranderinge in die grondwet sal dan op die volgende jaarvergadering aangebring word. Dit is belangrik dat, behalwe die oorkoepelende voorsitter van USKOR, daar 'n studente-voorsitter van Stellenbosch en Tygerberg moet wees om aktiwiteite van hierdie twee takke te koördineer.

USKOR se nuwe struktuur word elders op die bladsy skematies uiteengesit.

Dit is die plig van diegene van ons wat die voorreg het om op Stellenbosch te studeer om betrokke te raak by naastediens, veral as daar in ons onmiddellike omgewing so 'n groot behoefte daarvoor is.

Naastediens kom in hierdie geval daarop neer om die verskillende gemeenskappe te help om te leer hoe om self effektief verder te bou. USKOR is nie die "welfare" nie — ons deel nie aalmoese uit nie.

### Beroep

Daar word dus 'n ernstige beroep gedoen op studente om bogenoemde oorsig te oorweeg en dan om daaroor te dink of hulle nie kans sien om USKOR te help om sy uitdagende doelstellings te bereik nie. USKOR was nog altyd en sal steeds 'n studente-organisasie bly!



## Doelstellings

VOLGENS USKOR se grondwet is die doelstellings van die organisasie die volgende:

### Dienslewering

1. Die lewering van mediese, paramediese en tandheelkundige dienste en die beoefening van maatskaplike werk deur gevallewerk, groepwerk, gemeenskapswerk en navorsing.


### Nood en hulp

2. Die voorkoming en behandeling van maatskaplike nood en hulpbehoewendheid van persone, gesinne of groepe van persone en voorsiening in die sterflike, geestelike, liggaamlike of maatskaplike behoeftes van die gemeenskap.



VIR die skoolkinders word onder andere naskoolsorg en hulp me huiswerk aangebied.

## USKOR se nuwe struktuur




## Radio Matie features

RADIO MATIE will be featuring the following bands for an hour every Monday from 12.00 to 1.00 pm.

April 18 — Jimi Hendrix
25 — The Doors
May 2 — New Psychedelia
— Echo and the Bunnymen
— Teardrop Explodes
— Wah
9 — Joy Division
16 — Bob Dylan
23 — Sex Pistols
30 — Pink Floyd

The programmes will be presented by Mark Taylor.

ADVERTENSIE

**SOKKIE IN DIE GAT**

**Vrydag 22 April. Disko & Orkes R1.00.**

**Geleentheid aangebied na Pretoria en terug vir naweek van 29 April vir 2/3 persone. Bel. 9216.**

# Leierskapskursus vir sportkapteins gehou

deur **Gerhard van Eerden**

OP 29 Maart is daar 'n leierskapskursus vir sportkapteins in die LSS gehou. Sowat sestig sportkapteins het die kursus bygewoon, wat geborg is deur Price Forbes Federale Volkskas.

Hierdie kursus was slegs een van die totale leierskapontwikkelingsprojekte van die SR. Dit het aan Stellenbosch se sportkapteins die geleentheid gebied om groter insig en kennis te verwerf om beter kapteins vir hulle onderskeie spanne te wees.

### Skaduwee

Sportkapteins beweeg dikwels in die skaduwee van hulle afrigters, want die klem in sport val op die span as 'n geheel. Dikwels word die kaptein nie erken nie. Sportkapteins kan dan hulle probleme net met ander kapteins bespreek. Hierdie seminaar was 'n unieke geleentheid daartoe.

Dit is die eerste keer dat die Universiteit van Stellenbosch moeite gedoen het om sportkapteins in die leierskapteorie op te lei.

### Opvoedkundig

Mnr. Butch Lochner, wat die seminaar geopen het, het klem gelê op die opvoedkundige aard van sport. Hy het gesê sportkapteinskap laat die individu in 'n krisissituasie beland. Dit dra by tot volwassewording. Hy het gesê goeie kapteins word nie gebore nie, maar gemaak. Die belangrikheid van sulke kursusse kan nie oorbeklemtoon word nie.

Eddie Barlow en Marlene Wagner het in hulle spreekbeurt erken dat selfs húlle baie op die kursus geleer het.

Dit was 'n algemene gevoel tydens die kursus dat soortgelyke kursusse in die toekoms aangebied moet word.

### Eddie Barlow

Tydens die seminaar is verskeie onderwerpe soos sportkapteinskap, taak- en mensoriëntering, motivering in sport, die spangees in sport en die eise van sportmanskap behandel.

Baie kursusgangers kon nou vir die eerste keer iemand soos Eddie Barlow leer ken en uitvind hoe hý lejerskap in sport beoefen.



DIE Matie-kanospan het sesde geëindig in die SAU-kampioenskappe wat op 6 April in Natal gehou is. Mynhardt Marais en Andries Smit het onder die eerste vyftig geëindig in die kampioenskappe.

# *Helshoogte en Pieke wen muurbaltoernooi*

deur **Anèl Coetzee**

DIE Matie-muurbalklub het 1983 geesdriftig begin en reeds 'n geslaagde ope inter-koshuistoernooi gehou. Helshoogte, Libertas en Irene het die beste in die toernooi gevaar.

In die mansafdeling het Helshoogte (waar drie van die ses spelers liga-spelers is), met 'n verrassende uitslag vir die eerste-gekeurde Oude Molen, in die halfeindronde uitgeskakel. Helshoogte het gelykop met Pieke (waar vyf van die ses spelers liga-spelers is) geëindig. In die damesafdeling was die uitslag soos volg: 1. Irene, 2. Huis De Villiers, 3. Aristea en Erica.

### Ligaspelers

Die liga-spelers het strawwer kompetisie meegebring en kon nuttige wenke oor die spel gee.

### Vertoonwedstryde

Daar is tans twee koshuisligas vir mans en een vir dames. In die liga vir mans blyk die spanne van Helshoogte en Wilgenhof die sterkeres te wees.

Vertoonwedstryde, wat deur 'n voormalige Springbok waargeneem sal word, word vroeg in volgende kwartaal aangebied. Dit beloof om 'n hoogtepunt in die klub se aktiwiteite te wees waarna alle belangstellendes solank kan uitsien.





# OP DIE KANTLYN

'n HORDE Matie-rugbygeesdriftiges het Saterdag na Nuweland gestroom met die hoop dat die Maties op hul vertonings in die Durbanseklubtoernooi gaan verbeter en kritici se monde gaan snoer.

Die Maties het wel 'n sege oor die Tukkies behaal, maar het geensins bewys dat hulle verbeter het nie. Vele Matie-ondersteuners op Nuweland, was na die wedstryd bekommerd en het gewonder of die Maties die Ikeys se skitterspel teen UPE in die jaarlikse Intervarsity sal kan oortref. Gaan die Maties hulle betyds regruk?

Coetzenburg sal op 25 April weer die fokus van atletiekbewonderaars wees omdat dit die laaste geleentheid van die seisoen sal wees om die rekordboeke te herskryf. Die Maties, Bermien Conradie en Joepie Loots, wat Saterdag vir die Springbokspan gekies is, sal as lede van die span teen die res van Suid-Afrika meeding. Kaartjies is reeds beskikbaar en plekbesprekings kan by Wilhelms Sport gedoen word.

'n Belangrike datum vir alle Karatebelangstellendes is 3 April 1983. Dit is wanneer die nasionale kampioenskappe in die Goeie Hoop-sentrum in Kaapstad plaasvind. Vir verdere inligting kan belangstellendes die ACVV-saal in Merrimanlaan regoor die Van der Stel Sportveld besoek.

Mnr. Butch Lochner, direkteur van Matiesport, het verlede Maandag namens 'n skenking van R10 000 namens die Universiteit van Stellenbosch vir die uitbouing van Matiesport, bekend gemaak.

Volgens mnr. Lochner is die doel van hierdie skenking om die Universiteit, sy personeel en sy sportgeriewe reeds op 'n vroeë stadium aan die studerende jeug van die Universiteit se "hinterland" bekend te stel. "Ons beskou Kaapstad as die hinterland", het mnr. Lochner gesê. Die aspirant-Maties sal dan meer tuis voel wanneer hulle uiteindelik in Matieland kom studeer.

Die fonds sal ook aangewend word vir akkommodasie van spanne en deelnemers van elders uit Kaapland wat aan sport op Stellenbosch kom deelneem. Hierdie fonds kan dus 'n nuwe tendens in georganiseerde sport in Kaapland inlui, deurdat 'n gebrek aan fondse, wat kompetisie dikwels gekortwiek het, nou uitgeskakel word.

**(Sportredaksie)**




Volkskas
het 'n mooiloopdiens
vir elkeen van jou
raap-en-skraap-
broekskeurdae.

Jongdae. Moeilike dae. Maar goeie dae. Veral as jou Volkskas-bestuurder jou ken. Hy't altyd een of ander diens om aan te bied. Soos 'n spaarrekening vir daardie wonder-wat-kos-'n-tweedehandse-motor-dae. Studiehulp vir die dis-dalk-beter-om-maar-te-gaan-swot-dae. 'n Tjekboek vir daardie skenk-asseblief-u-dringende-aandag-aan-hierdie-rekening-dae. Kredietkaarte en 'n kitsbankdiens vir daardie vanaand-gaan-ons-twee-jaar-lank-uit-dae. Begrip en finansiering vir die ons-wil-trou-pa-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al jou jongdae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas
Jou bankgenoot deur dik en dun.

## *INTERVARSITY:*

# Maties klop Tukkies wéér na harde stryd

deur **Eric le Grange**

TUKKIES kon Saterdag op Nuweland nie daarin slaag om die Maties te klop nie. Die Maties het in 'n harde wedstryd daarin geslaag om die Tukkies met 21—7 te klop. Hierdeur het die Maties hul onoorwonne status oor die Tukkies behou.

Dit was egter geen maklike stryd nie. Die Tukkies het meer balbesit gekry as wat verwag is en dit was eers halfpad deur die tweede helfte dat die Maties daarin kon slaag om die oorhand te kry.

### Berekend

Die Maties was baas in die vaste spel en het veral die tweede helfte oorheers; gevolglik het hulle die vasskopstryd met 2—0 gewen. Die Tukkies het in die Lynstane die oorhand gehad en veral Adolf Malan, slot van Tukkies het die Maties se swakplek op No. 4 uitgebuit. André Markgraaf was later so moedeloos dat Hennie Bekker op No. 4 gaan spring het om Malan te neutraliseer. Malan se pragspel in die lynstane het gesorg dat Tukkies die afdeling met 21—14 gewen het. Johan Marais van Tukkies het ook goeie spel gelewer en daardeur Tukkies in die losspel in die prentjie gehou.

Die Maties het heelwat verbeter na die Toyota Klubtoernooi maar daar is nog baie probleme wat uitgestryk moet word. Maties het egter meer berekende rugby gespeel en sodoende minder foute gemaak. Onder die agtal van die Maties moet Henning van Aswegen en Schalk Burger uitgesonder word.

### Durr

Divan Serfontein was weer die rots agter die skrum en het deurgans 'n goeie diens aan Johan Durr gelewer. Durr het veral in die eerste helfte beïndruk. Sy lang skoppe, hoewel hulle nie altyd uit was nie, het voordurend druk op die Tukkies geplaas. Hy was een van die uitblinkers omdat hy goed kon oordeel wanneer om te skop of wanneer om te laat loop. Frikkie Ebersohn, vleuel van die Maties, het goed vertoon wanneer hy die geleentheid gehad het. Hy het ook Divan Serfontein se drie aangevoer. Carel du Plessis — die ander vleuel — het weinig geleentheid gehad.

Divan Serfontein het die Maties se eerste drie gedruk. Divan het die bal uit 'n losskrum gekry en na Durr laat loop wat 'n lang aangee na Willie Mouton (senter) gegee het. Mouton het laat loop na Hannes Pretorius, heelagter van die Maties, wat in die lyn ingekom het en die bal aan Ebersohn besorg het. Frikkie Ebersohn (vleuel) het met 'n goeie vaartversnelling om sy teenstander Sarel Erwee gekom, weer na Pretorius laat loop wat op sy beurt die bal vir Divan Serfontein gegee het. Hy het die bal skitterend voor sy voete opgetel en deurgegaan vir sy drie.

### Oorgeduik

Die ander drie van die Maties is gedruk deur Johan Durr nadat hy die bal na 'n skrum op Tuks se doellyn onderskep en oorgeduik het. Chris Smit het drie strafskoppe aangeteken en een drie verdoel. Die ander drie is deur Johan Durr verdoel vir die Maties se 21 punte.

Eugene Pelzer het vir die Tukkies 'n drie gedruk na 'n strafskop op die doellyn van die Maties. Paul Botes kon nie die drie verdoel nie, maar het met 'n strafskop daarin geslaag om die Tukkies se totaal op 7 punte te bring.



CHRIS SMIT, senter van die Maties, besig met 'n aanloop vir een van sy skitterstrafskoppe. Smit het met drie strafskoppe en 'n doelskop geslaag.



JOHAN DURR, losskakel van die Maties, val oor vir sy blitsige onderskepdrie na 'n skrum op die Tukkie doellyn. Durr het sy terugkoms tot die Matiespan gemaak met goeie oordeelsvermoë wanneer om die bal te laat loop en wanneer om te skop.

# *Dagbreek toon belofte na goeie oorwinning*

deur **Gerhard van Eeden**

IN die eerste ronde van die Sauerliga, wat Vrydag 15 April afgehandel is, het Dagbreek getoon dat hy 'n sterk aanspraakmaker op die gesogte Sauerbeker is deur Simonsberg oortuigend met 14—0 te klop.

Dagbreek het na die afskop dadelik op die aanval oorgegaan. Na 'n losgemaal het 'n puik agterlynbeweging gevolg. Tobie van Schoor, die linkervleuel van Dagbreek, het met sy verbysterende systappe 'n puik drie in die hoekie na net twee minute speeltyd gedruk. Die doelskop was mis.

Hierna was die verdediging aan beide kante sterk, maar Dagbreek se agterlyn het stadig maar seker die oorhand oor die Simonsbergers begin kry. Die akkurate lynskoppe van die Dagbreek-losskakel, Martiens Barnard het baie tot die gebiedsvoordeel van Dagbreek bygedra.

### Terugveg

Simonsberg het verwoed begin terugveg, maar kon danksy die kruisverdediging van veral Willie Visagie, die regtervleuel van Dagbreek, nie punte aanteken nie. Die Dagbreek-agterlyn het hulle teenstanders heeltemal oorskadu, maar moes 'n paar keer lelik wal gooi teen die venynige lopies van die Simonsbergse regtervleuel.

### Rustyd

Nikkie Celliers, skrumskakel van Dagbreek het drie minute voor rustyd 'n drie aangeteken. Die doelskop het misluk en die rustydtelling het op 8—0 te staan gekom.

### Heathcoat

Na rustyd het Simonsberg pal in die halfgebied van Dagbreek geboer. Daar is na links en regs geslaan, maar selfs Radie Heathcoat, die sterk linkervleuel van Simonsberg, moes die knie buig teen die verdediging van die Dagbreekers. Dit was nou duidelik dat die Dagbreek-voorspelers besig was om in hulle sagmaakproses te slaag.

In die lynstane het Dirk van Eeden goeie werk vir Dagbreek gedoen en die lynstaantelling 15—10 in die guns van Dagbreek laat swaai. Simonsberg het gevolglik baie swak balle gekry. Dit het hulle agterspelers onder druk geplaas en verskeie aanvalle het misluk.

In die tweede helfte het Dagbreek byna al die losskrums gewen. Daarom het die linkervleuel van Dagbreek, Tobie van Schoor, gou wéér 'n drie aangeteken.

Die doelskop was oor en Dagbreek het hierdie wedstyd met 14—0 gewen.

Die uitslae van die ander wedstryde wat ook Vrydag gespeel is, is soos volg: Medies 18 — Wilgenhof 10. Elsenburg 8 — Huis Marai 4. Eendrag 20 — Pieke 4. Huis Visser 8 — Mabre 6.



DAGBREEK se voorspelers spook om die bal te bemeester in hul wedstryd teen Simonsberg. Dagbreek het dié wedstryd in die eerste ronde van die Sauerliga gewen.

# Uitslae

DIE uitslae van die ander wedstryde wat ook Vrydag gespeel is, is soos volg:

Medies 18 — Wilgenhof 10

Elsenburg 8 — Huis Marais 4

Eendrag 20 — Pieke 4

Huis Visser 8 — Mabré 6.

# *Reinach: Atleet en rugbyspeler*

deur **Janine Okkenburg**

JACO REINACH, SA-kampioen in die 400 m, het Saterdag twee van sy ideale verwesenlik. Hy het Springbokkleure verwerf, die nuwe SA-rekordhouer en die 400 m geword en het boonop vanjaar die beste tyd in die wêreld aangeteken.

Jaco is in Ceres gebore, waar hy sy laerskoolloopbaan aan die Laerskool Gericke voltooi het. In standerd ses is Jaco na Grey-Kollege.

### Rekords

In Sub A het Jaco al met atletiek begin. Tot vandag toe nog staan van sy rekords in Ceres se rekordboeke. Hy het in standerd agt by mnr. Hennie Pretorius begin atletiek oefen, en vandaar het Jaco net verbeter. In 1979 het Jaco 'n SA 0/17 rekord in die 400 m, met 'n tyd van 47,2 sek., opgestel. In 1980 het hy 'n SA 0/19 rekord in die 400 m, met 'n tyd van 46,17 sek. opgestel. Vroeg in 1983 het hy 'n nuwe SA senior rekord in die 400 m gehardloop. Sy tyd was 45,38 sek. en Saterdag het hy die rekord tot 45,01 sek. verbeter.



JACO REINACH

Jaco se mikpunt in sy atletiek is om die beste in die 400 m in die land te wees. Daarmee saam, sal goeie tye en Springbokkleure kom. Die ideale het hy wel Saterdag verwesenlik.

### Rugby

Jaco Reinach blink nie net in atletiek uit nie, maar ook in rugby. In 1978, 1979 en 1980 het hy Vrystaat-skole 0/19 en Cravenweek rugby gespeel. In 1979 en 1980 het hy SA-skole gespeel. In 1982 is Jaco as vleuel vir die Vrystaat senior rugbyspan gekies. Sy mikpunt vir 1983 is om sy posisie in die Vrystaatspan te herwin, want hy begin eers laat in die seisoen aktief aan rugby deelneem.

# Odendaal is US-ope tafeltenniskampioen

deur **J.H. Rouse**

THYS Odendaal is die US-Ope Tafeltenniskampioen vir 1983. In 'n spannende eindstryd het hy die ervare Jan Buurman geklop.

Die kampioenskappe vir mans is op 3 April in die D.F. Malansentrum gehou. Verskeie belowende koshuis spelers het na vore gekom. In die uitdunwedstryde het Jan Buurman afgereken met H. Venske en Eric Breytenbach. Thys Odendaal het met Michael Lee in die semifinaal afgereken om sy plek in die eindstryd te verseker. In die finaal het Odendaal sy goeie spel voortgesit en Jan Buurman 21—19; 21—14; 16—21 en 21—18 geklop.

### Liga

Die eerste span speel vanjaar in die Grand Challengeliga van die WP. Die onderskeie spanne vaar tot dusver besonder goed in die WP-ligas. Die derde span het een wedstryd verloor en die tweede span is nog onoorwonne.

Die eerste span van die Maties het sy wedstryd teen Gordons met 6—4 gewen. Daar kan ook uitgesien word na die SA-universiteite-toernooi wat gedurende die Junievakansie op Stellenbosch gehou word.

Donderdag, 14 April, het Stellenbosch I teen Varsity Old Boys in die D.F. Malansentrum gespeel. Stellenbosch het met 8—2 oortuigend gewen. Hierdie oorwinning beteken kosbare punte op die punteleer. Maties beklee tans die sesde plek op die punteleer.

Die span het bestaan uit Thys Odendaal, Jan Buurman en Eric Breytenbach. Buurman en Odendaal het al hul wedstryde gewen, terwyl Breytenbach een van sy drie wedstryde gewen het. Die wedstryde is op 'n rondomtalie basis beslis.

### Toerusting

Die tafeltennisklub toon vinnige vooruitgang. Nuwe toerusting, waaronder twee nuwe tafels is onlangs aangeskaf. Alle belangstellendes is welkom om aan te sluit en kan Jan Buurman by Wilgenhof kontak.